Wanneer we het totale oeuvre van Penning overzien, dan springen de jaren 1905, 1906, 1907, 1908, 1909, 1913, 1922 en 1924 eruit. In de eerste plaats valt waar te nemen dat na de romans over Zuid-Afrika en gedeeltelijk parallel aan deze Zuid-Afrikareeks een groot aantal romans van Penning verschijnt die de tijd van Jacoba van Beieren, de zeventiende eeuw, de era van Napoleon, de revolutie in Rusland en de Commune van Boedapest tot onderwerp hebben. Behalve de enorme productiviteit en de variatie aan onderwerpen valt de samenhang op tussen de roerselen op politiek en godsdienstig gebied in Pennings eigen levensjaren en zijn fundamentele behoefte om de geschiedenis voor zijn tijdgenoten te laten spreken. De auteur had een boodschap voor de mensen van zijn tijd, omdat de geschiedenis zelf een belangrijke boodschap met zich meedroeg. Van die boodschap wilde hij de vertolker zijn.

Voor Penning is de geschiedenis een doorlopend gegeven. De basis van de

geschiedenis is de continue strijd tussen onderdrukking en goddeloosheid enerzijds en godvruchtigheid en vrijheidsliefde anderzijds. Om deze dynamiek zichtbaar te maken, vertelt Penning. Door het vertellen schept hij een realiteit binnen de verbeeldingskracht van de lezers waaraan verleden en heden gelijkelijk deel hebben. De geschiedenis is alleen maar overdraagbaar door middel van een verhaal. De geschiedenis is zelf in de kern een verhaal, niet van globale lijnen van periodiciteit of dynastieke opvolgingen, maar van keuzes die de individuele mens maakt. Deze keuzes hebben betrekking op het persoonlijke leven en evenzeer op het leven van de menselijke gemeenschap. De toets waaraan de verteller de levensverhalen onderwerpt, is de bedoeling die God in zijn op de Bijbel gefundeerde optiek met de geschiedenis heeft. Dat is niet hetzelfde als “zijn typisch negentiende-eeuws christelijk moralisme”, zoals Jonckheere (1999a: 93) het uitdrukt. Deze formulering suggereert het primaat van een kleinburgerlijk moralisme waar een christelijk sausje overheen is gegoten.

Zoals aangetoond, neemt de Zuid-Afrikaanse geschiedenis een voorname plaats in binnen de thema's van Pennings werk. Zuid-Afrika was niet alleen het tijdelijke zwaartepunt van zijn schrijverschap, het was een existentieel onderwerp dat heel zijn bestaan raakte. In Zuid-Afrika zag Penning de grote vraagstukken van de wereld helder geprofileerd. Zuid-Afrika was het model voor de benadering van andere historische gebeurtenissen. Omdat Penning tijdens het schrijven van de romans over de Boeren het land nog niet uit eigen ervaring kende, kon hij – zich baserend op berichten uit kranten en brieven van familieleden – zijn fantasie de vrije loop laten. Die fantasie werd geleid door een beeld van de Boeren als veredelde Nederlanders, door de godvrezendheid der Boeren, door Gods leiding in de gebeurtenissen en door de veronderstelde perfide natuur der machtsbeluste Engelsen. Deze drijvende krachten achter de romans hadden een grote clichématigheid tot gevolg. De opposities goed/kwaad, godvruchtig/heidens, beschaafd/onbeschaafd, oprecht/leugenachtig, zedig/onzedig, bepalen het stramien van het vertelde. Daarom kon het gebeuren dat toen de Eerste Wereldoorlog de Boerenoorlog uit de aandacht van Europa verdrong en andere vragen en complexere vormen van denken op de voorgrond traden, van Penning een beeld, bijna een mythe overbleef. Zijn rol als opwekker van nobele gevoelens van vereenzelviging was uitgespeeld. Hetgeen ook zou kunnen betekenen dat de vele andere historische werken van Penning opnieuw aandacht verdienen, omdat ze vanuit andere bronnen van kennis zijn geschreven.

Toen Penning op 8 november 1922 zijn broers in Zuid-Afrika bezocht, werd hij geconfronteerd met de empirische realiteit van het land dat hij – ongezien – mateloos had geïdealiseerd. De reis duurde tot 8 juni 1923.<sup>7</sup> Op grond van zijn deels gepubliceerde dagboek valt te concluderen dat ideaal en werkelijkheid elkaar niet meer helemaal dekten. Penning (1923: 298) moest bijvoorbeeld zijn ideeën over de godsdienstigheid der Afrikaners herzien: “Toch schijnt het mij toe, dat de godsdienst meer in de breedte dan in de diepte zit. Over dit punt heb ik met ernstige Afrikaners

gesproken die mij antwoordden, dat het dikwijls dieper zit dan men vermoedt.” Voorlopig was Penning gerustgesteld, maar de vraag was niet voor niets bij hem opgekomen. Een echte schok betekende de rechtszitting die Penning bijwoonde, waarin een blanke Afrikaner man van verkrachting van een zwarte vrouw werd beschuldigd. De man werd vrijgesproken, omdat de jury hem het voordeel van de twijfel gaf. Penning is duidelijk verontwaardigd over het gedrag van de Afrikaner, maar eindigt met de beschrijving van de juridische procedure. Verkrachting van een zwarte vrouw door een blanke man is een gegeven dat in zijn scheppend werk volstrekt niet voorkomt. De geïdealiseerde Afrikaner blijkt hier en daar tegen te vallen (Penning, 1923: 474). Het verslag van Pennings Zuid-Afrikaanse reis verscheen in de jaargangen 28 en 29 van het weekblad *Timotheüs*. Het dagboek dat Penning van zijn reis bijhield, is nooit gepubliceerd. Uit een vergelijkend onderzoek zal moeten blijken welke verschillen er tussen het met potlood geschreven dagboek en het gepubliceerde reisverslag bestaan.

Aan het eind van zijn leven moest Penning vaststellen dat de geschiedenis der Boeren in Zuid-Afrika anders verlopen was dan op grond van hun nobele, heldhaftige en godsdienstig gezien zuivere streven verwacht kon worden. Daar moest hij iets over zeggen in zijn autobiografie (Penning, 1927: 218-219):

Diepe indrukken hebben de voormannen der Boeren in de harten van oud en jong, van rijk en arm nagelaten. En wanneer een maal de lijnen die God trekt – en God trekt zoo vaak de lijnen anders dan wij dit zouden willen – Zijn doelpunt bereiken, dan zal er blijde jubel zijn in onze harten. Hij zal ons verrassen door de volmaaktheid Zijner doeleinden. Geen twee vrije Boeren-republieken, doch één vrij en vereenigd Zuid-Afrika, onder een vrije vlag, die fier en breed zal uitwaaien, ook over al die plaatsen, welke als mijlpalen geteekend staan in de historie van het volk dat nooit zijn nek kromde onder Britsche dwingelandij of zwart Kafferverraad.

De mythe won het bij Penning van de nuchtere analyse. Aanvankelijk was dat in zijn voordeel en kreeg hij daardoor de kans om van het vertellen zijn levensdoel te maken. Met het oog op de mythen die zijn diepste waarheid vormden, sprak de twintigste eeuw een streng oordeel over de Zuid-Afrikaanse romans van Louwrens Penning uit. Wie zijn werk nu leest, zal de geestigheid en het beeldend vermogen van de schrijver kunnen waarderen. Historisch gezien heeft Penning een voorname rol gespeeld bij het activeren van de emoties in Nederland ten gunste van de Boeren. Voor een herwaardering van Pennings werk komen echter eerder de romans over de Nederlandse en Europese geschiedenis in aanmerking.

*Navorsingsgenoot Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus*

## Bronnelys

- Anoniem.** 1924. *Bibliographie van L. Penning. In dankbare liefde den schryver aangeboden op diens zeventigsten verjaardag. Utrecht, 2 december 1924.*
- Baur, Uwe.** 1978. *Dorfgeschichte. Zur Entstehung und gesellschaftlichen Funktion einer literarischen Gattung im Vormärz.* München: Wilhelm Fink Verlag.
- Ester, Hans.** 2008. De geschiedenis als verhaal bij Louwrens Penning (1854-1927). In: Schutte, G.J. (red.). *De geschiedenis aan het volk verteld. Populaire protestants-christelijke geschiedschrijving in de negentiende en twintigste eeuw.* (Reeks: Serta Historica, deel VIII). Hilversum: Verloren: 121-138.
- Jonckheere, Wilfred.** 1999a. *Van Mafeking tot Robbeneiland. Zuid-Afrika in de Nederlandse literatuur 1896-1996.* Nijmegen: Vantilt.
- Jonckheere, Wilfred.** 1999b. Nederland, Vlaanderen en de Boerenoorlog. In: Jansen, Ena en Wilfred Jonckheere (red.). *Boer en Brit. Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog.* Pretoria: Protea Boekhuis: 32-50.
- Kuitenbrouwer, Vincent.** 2012. *War of Words. Dutch Pro-Boer Propaganda and the South African War (1899-1902).* Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Kunne, Andrea.** 1991. *Heimat im Roman: Last oder Lust? Transformationen eines Genres in der österreichischen Nachkriegsliteratur.* Amsterdam/Atlanta: Editions Rodopi.
- Penning, Louwrens.** 1902a. *De verkenner van Christiaan de Wet. Verhaal uit den Boeren-Oorlog (1899- 1902).* Den Haag: J.N. Voorhoeve.
- Penning, Louwrens.** 1902b. *Vredeburg. Een Novelle uit den Kaapschen Boerenopstand van 1899-1902.* Rotterdam: D.A. Daamen.
- Penning, Louwrens.** 1905. *Ons Oude Nederland. De Geschiedenis des Väderlands van de vroegste tijden tot op heden.* Den Haag: D.A. Daamen.
- Penning, Louwrens.** 1915. *Voor vrijheid en recht. Een historisch verhaal uit de Zuid-Afrikaansche beroeringen tijdens den grooten volkeren-oorlog (1914).* Arnhem: Arnhemsche Drukkerij en Uitgeverszaak.
- Penning, Louwrens.** 1923. *Mijn Reis naar Zuid-Afrika. Timotheüs, 29.*
- Penning, Louwrens.** 1924. *Het lichtende spoor. Een Zuid-Afrikaansch Boerenverhaal.* Nijkerk: G.F. Callenbach.
- Penning, Louwrens.** 1927. *Uit mijn leven.* Zwolle: La Rivière & Voorhoeve.
- Wouters, D.** 1940. *Na veertig jaar. Documents humains. Zuid-Afrika en het lied van de straat in Nederland in het laatste kwart der negentiende eeuw.* Nijmegen: Moorman.

## Note

1. Op de romans over de Nederlandse en Europese geschiedenis ben ik ingegaan in Ester 2008. Enkele bevindingen uit dit onderzoek heb ik in dit artikel opgenomen.
2. Voor bibliografische gegevens heb ik dankbaar gebruik gemaakt van de (slechts in twee exemplaren bestaande) *Bibliographie van L. Penning* (Anoniem, 1924).



3. Zie voor deze ontwikkeling, die vóór 1848 begon: Baur (1978). In dit kader zijn ook de beginhoofdstukken van Kunne (1991) van belang.
4. Zie bijvoorbeeld Jonckheere (1999a: 15): “Penning zag zichzelf als volksschrijver, maar zijn werk werd mettertijd overwegend door de jeugd gelezen, die hij een grote liefde trachtte bij te brengen voor de ‘Hollandsche Afrikaner’.”
5. Ongepubliceerde tekst. Een kopie van de brief bevindt zich in het L. Penning-Archief van het Suid-Afrikaanse Instituut in Amsterdam.
6. Een kopie hiervan bevindt zich in het L. Penning-Archief van het Suid-Afrikaanse Instituut in Amsterdam.
7. In *Uit mijn leven* is met betrekking tot de reis abusievelijk het jaartal 1924 vermeld. Jonckheere (1999a: 92) heeft dit overgenomen en spreekt over “van januari tot mei 1924”. Kuitenbrouwer (2012: 290) spreekt over 1923 en slaat de laatste maanden van 1922 over.

# Rob Antonissen in die Afrikaanse literatuursisteem

Bernard Odendaal en Hennie van Coller

## *Rob Antonissen in the Afrikaans literary system*

*The Flemish-born literary scholar Rob Antonissen came to know Afrikaans literature by means of a book collection at Steenbrugge. This eventually led to his emigration to South Africa in 1950, where he grew into probably the most influential scholar in Afrikaans literary history. His work excelled in its “constructive” systemic role; the downside of this was the strong canon shaping influence thus emanating from his literary views. It was not only due to the quality and substance of his literary research and of his critical views that Antonissen was able to establish himself as an important role player in Afrikaans literature: As Jan Greshoff and H.A. Mulder before him, he was invested with the authority of esteem in the Dutch literary world. Through his contributions to scholarly journals, and through his work as literary historiographer and anthropologist, he also had his hands on important shaping tools of the Afrikaans literary canon.*

## 1. Inleiding

In die afgelope jare het ons ’n aantal artikels gepubliseer oor digters se posisie-inname binne die Afrikaanse literatuursisteem (Van Coller en Odendaal, 2003a, 2003b, 2005a, 2005b). Ander studies deur ons is gewy aan die verbande tussen die Afrikaanse en Nederlandse literatuursisteme, met ’n fokus op die rol van sleutelfigure se optrede binne beide sisteme: in die een geval dié van H.A. Mulder, Jan Greshoff en Elisabeth Eybers (Van Coller en Odendaal, 2006), in die ander dié van M. Nienaber-Luitingh (Van Coller en Odendaal, 2008).

Ons het telkens getrag om nie net beskrywend op te tree nie, maar ook verklarend – met die versweë aanname dat sodanige studies ook voorspellend sou kon wees. Ons aanvoeling was dus dat die sistemiese kragte en dinamiek eintlik sekere wetmatighede tot gevolg het en bepaalde keuses en strategieë afdwing. Daarom het ons ook gefokus op uiteenlopende figure, uiteenlopende reputasies en derhalwe verskillende literatuur-sistemiese optredes.

Hoewel sodanige ondersoeke en beskrywings dikwels ’n biografiese aspek vertoon, streef dit die eng persoonlike en historiese verby. Persone word eerder op struktureerende wyse gesien as agente wat *importeer* (byvoorbeeld uit ander sisteme), *medieer* (onder andere tussen sisteme en institusies) en *fasiliteer* (byvoorbeeld deur die popularisering van modelle, poëtikas, en dergelike). Binne hierdie benadering word gefokus op *strategiese* keuses, posisie-inname en affiliasies binne ’n bepaalde literatuursisteem of in die interaksie tussen sisteme.

Een van die belangrikste literêre figure wat ’n plek ingeneem het in beide die Nederlandse en Afrikaanse literatuursisteme, was die Vlaams gebore en getoë literator

Rob Antonissen wat, anders as Mulder, Greshoff en Eybers, geen skrywer van skeppende werk was nie en, anders as Nienaber-Luitingh, reeds aansien as literator verwerf het binne die Nederlandstalige sisteem vóór sy koms na Suid-Afrika. In die Afrikaanse letterkundewêreld sou hy groei tot 'n invloedryke dosent en kultuuragent in die kleiner kring van die Grahamstadse gemeenskap, terwyl hy in breër verband as literêre keurder en resensent 'n belangrike rol sou speel as smaakmaker<sup>1</sup> en hekwagter.<sup>2</sup> As bloemleser en literatuurhistorikus sou hy voorts 'n belangrike kanoniserende funksie vervul in beide die Nederlandse én Afrikaanse literatuursisteme, omdat hy publiseer oor beide en in beide die sisteemtale (Afrikaans en Nederlands), bloemlesings uit beide die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes saamstel en literatuurhistoriografiese en kritiese bydraes oor (aspekte van) albei skrywe.

## 2. Opmerkings oor die Vlaamse deel van Antonissen se lewe en oor die waardering vir sy literêr-sistemiese werk

Hoewel daar baie oor Antonissen geskryf is, is daar geen gesaghebbende biografie beskikbaar nie en is verskeie aspekte rakende hierdie letterkundige nog in die duister gehul. Dit is byvoorbeeld nie algemeen bekend waarom Antonissen in die Afrikaanse letterkunde begin belangstel het, of hoe hy sy eerste literatuurgeskiedenis oor die Afrikaanse letterkunde geskrywe het, of presies waarom hy aansoek gedoen het om die vakature wat by die Rhodes-universiteit in Grahamstad ontstaan het ná die afsterwe van die Nederlandse letterkundige H.A. Mulder in 1949 nie. Voorts is verskeie van sy aktiwiteite, soos sy talle publikasies en Nederlandse vertalings in die Europese periode van sy loopbaan (1942-1950) en die Afrikaanse vertaling van 'n groot gedeelte van die Nuwe Testament in sy Suid-Afrikaanse periode, relatief onbekend.

Ook sy korrespondensie met belangrike rolspelers in die Afrikaanse literatuursisteem (onder andere D.J. Opperman, W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, A.P. Grové, Ernst van Heerden, S.J. Pretorius, Barend J. Toerien, Breyten Breytenbach) is in relatiewe onbekendheid gehul. In baie gevalle werp sulke korrespondensie (soos dié met Ernst van Heerden, S.J. Pretorius en A.P. Grové) 'n totaal nuwe lig op verhoudings, dien dit as verklaring by optredes en toon dit ook dat Antonissen sy "onpersoonlike", objektiewe rol as kritikus en dié as vriend, wat meer persoonlik en subjektief van aard was, op merkwaardige wyse geskeie gehou het.

In hierdie artikel word nie aandag aan laasgenoemde korrespondensie gegee nie; die fokus val elders, soos die artikeltitel aandui. Tog helder 'n klompie gegewens oor sy voor-Suid-Afrikaanse lewensloop wel die oorsprong op van sy besonderse bydrae oor die grense van twee sisteme heen.

Robert Karel Jozef Emiel Antonissen is op 23 Mei 1919 in Antwerpen gebore. Van 1930 tot 1936 bestudeer hy Grieks-Latynse humaniora aan die Sint Jan Berchman-kollege in sy geboortestad en van 1936 tot 1942 Wysbegeerte en Lettere (Germaanse

Filologie) aan die Katolieke Universiteit van Leuven. Op 11 Desember 1942 promoveer hy tot doktor in die Wysbegeerte en Letterkunde met 'n proefskrif getiteld *Herman Gorter en Henriëtte Roland Holst*. Weens die oorlog is hierdie teks eers in 1946 gepubliseer.<sup>3</sup>

Antonissen trou met Liesje Broekmans op 27 Mei 1944 in die St. Theresa-kerk te Berchem, Antwerpen. Terwyl hy vanaf 1942 tot 1950 werksaam was as onderwyser in Nederlandse en Duitse taal- en letterkunde in diens van die Belgiese Middelbare Onderwys, was hy volgens sy oorlewende weduwee<sup>4</sup> baie aktief as skrywer en vertaler.

Een van sy vriende in hierdie tyd, 'n man met die van Bermans, was 'n advokaat en 'n kenner van staatsreg; iemand wat gereeld in Suid-Afrika gekom het en selfs besoeke gebring het aan die destydse Suid-Afrikaanse premier, generaal Jan Smuts. Tydens hierdie besoeke het Bermans kennis gemaak met die Afrikaanse letterkunde en by tye ook tekste saamgebring, wat hy aan Rob geleen het.

Voorts was Liesje se neef ab in Brugge, waar daar 'n bykans volledige biblioteek van Afrikaanse letterkundige werke opgebou was, waarskynlik omdat hierdie neef, volgens Liesje, pro-Vlaams en daarom ook pro-Afrikaans was. Hierdie ab het alle Afrikaanse boeke tot 1940 aangekoop gehad.

Op aandrang van Bermans begin Antonissen die Afrikaanse letterkunde bestudeer. Elke beskikbare oomblik is hy na Brugge waar hy in die klooster saam met die monnike gewoon en gewerk het. In die loop van sy navorsing maak hy ook 'n deeglike studie van die Afrikaanse taal en sy eerste publikasie oor Afrikaans is 'n Afrikaanse grammatika, *Handleiding in het Afrikaans: een praktisch overzicht* (1942). In 1946 word sy tweedelige *Schets van den ontwikkelingsgang der Zuidafrikaansche letterkunde* (Antonissen, 1946a en 1946b – voortaan afgekort tot *Schets*) voltooi en dit verskyn by die uitgewery Pro Arte in Diest.

In laasgenoemde boek het hy hoë lof vir die Dertigers, veral die werk van N.P. van Wyk Louw. Die “primitiewe” boeretaal is volgens Antonissen (1946a: 301) deur Louw omskep tot “een koninklijke instrument, geschikt tot het vertolken van subtiele zeggings en hymnische vervoering, van kracht en tederheid, van driften en bezinning, gesmeed tot verwoording van direkste, soberste plastiek en geweldigste, fantastische visioenen, en tot het verkondigen van een boodschap die draagt over de grenzen van ruimte en tijd”.

In 1948 word 'n eredoktoraat deur die Rijksuniversiteit van Utrecht toegeken aan N.P. van Wyk Louw, naamlik op voorstel van die belangrike kritikus en hoogleraar in Nederlandse letterkunde aan hierdie universiteit, W.A.P. Smit. Tydens Louw se buitelandse reis bring hy ook besoek aan Vlaandere, waar hy in Februarie 1949 Antonissen se *Schets* en sy bloemlesing *Zuidafrikaanse poëzie* (1944b) in die uitstalvenster van 'n bekende boekhandelaar, De Nederlandse Boekhandel van Pelckmans, gesien én gekoop het (Steyn, 1998: 508). Antonissen se gedigtekeuse en literatuurgeskiedenis het Louw beïndruk en hy vra Pelckmans om 'n afspraak met Antonissen te reël. So het hulle bevriend geraak.

Ná die dood van H.A. Mulder op 3 Mei 1949, skakel Van Wyk Louw met sy broer W.E.G. Louw, wat toe ook aan die Rhodes-universiteit in Grahamstad gedoseer het, om Antonissen as moontlike plaasvervanger onder sy aandag te bring (Steyn, 1998:

514). Volgens Liesje het W.E.G. Louw toe daarna die Antonissen-egpaar in Antwerpen besoek en daar met hulle gepraat oor Antonissen as opvolger van Mulder. Jare later was Antonissen instrumenteel in die eredoktorsgraad wat die Rhodes-universiteit in 1966 aan Van Wyk Louw toegeken het.

Benewens die genoemde kulturele en intellektuele bydrae te Grahamstad, was Antonissen ook 'n baie gewilde dosent (Anoniem, 1972d: 3). Een van sy voormalige studente skryf: “Prof. Antonissen was a very fine teacher, a man of huge intellect, great integrity and a genuine concern for his students.” (LizzyLoo, 2007). Kannemeyer (1996: 4) noem hom “'n gawe, innemende persoon wat lekker kon lag oor al die doenighede in die ‘republiek der letteren’”. Ná sy dood op 22 September 1972 het sy kollega, André P. Brink (1972: 18), soos volg oor sy rol in die Afrikaanse letterkunde geskryf:

Met die alte vroeë dood van Rob Antonissen het daar vir die Afrikaanse letterkunde 'n venster toegegaan. Nie net 'n venster wat lig en lug van buite binnegelaat het nie, maar een wat dit vir ons moontlik gemaak het om van binne af buitentoe te kyk en te praat. [...] Wat N.P. van Wyk Louw vir ons poësie beteken het, was Rob Antonissen in ons kritiek. [...] Rob was nie, soos soveel ander, 'n mislukte skrywer wat kritikus geword het nie, maar 'n skeppende mens wat hom in sy kritiese werk verwesenlik het. Skepper in sy eie reg, en eintlik medeskepper aan elke sinvolle werk wat hy ondersoek het. So onontbeerlik soos Vergilius vir Dante was, so onontbeerlik het Rob vir die literatuur van ons land geword. Innemende, skerp en weergalose gids deur onontdekte streke.

In 1973 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns besluit om die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek postuum aan hom toe te ken. In sy commendatio het C.J.M. Nienaber verduidelik dat die SA Akademie dit normaalweg “op 'n meer gevorderde leeftyd” aan kritici toeken. Vandaar dat dit nie vir Antonissen beskore was om dit in lewende lywe te ontvang nie. Die gehalte en waarde van sy bydrae regverdig egter so 'n postume toekenning in daardie stadium, al word daar “tougestaan” vir die prys (Anoniem, 1973).

Sy heengaan is egter nie net in Afrikaanse literêre kringe betreur nie. Ook in die Nederlandstalige wêreld was hy hooggeag. Net ná sy dood het die Belgiese regering 'n silwermedalje aan sy weduwee oorhandig as teken van die waardering wat daar bestaan het vir sy bydrae tot die Nederlandstalige kultuur en gemeenskap (DDC, 1972: 6; Anoniem, 1972f: 9). In 'n huldeblyk ná Antonissen se afsterwe beklemtoon Roy Pheiffer (1972: 2) die uitnemende werk wat Antonissen as dosent van Nederlandse letterkunde aan die Rhodes-universiteit, en in Suid-Afrika in die breë, verrig het (onder meer deur die samestelling en annotering van die voorbeeldig representatiewe, tweedelige bloemlesing *Digkuns van die Nederlande, 1100-1970* – Antonissen [1972]). Hy skryf:

By die groot waardering wat daar onteenseglik moet wees vir sy werk as Afrikaanse literator (hy wat as simpatiek gesinde Vlaming hom so intens en diep ingeleef het in die Afrikaanse literêre lewe), mag dit nie gebeur dat sy betekenis as Nederlandskundige op die agtergrond geraak nie.

### 3. 'n Geleidelik verskuiwende sistemiese identifikasie?

Laat 'n mens jou oog gaan oor Antonissen se bibliografie, word die rede vir die waardering van sy werk in sowel die Afrikaanse as die Nederlandstalige sisteme gou duidelik. Talryke publikasies oor taal- en letterkundige sowel as breër kulturele aspekte uit sy pen het die lig gesien. Terwyl hy nog onderwys gegee het in Vlaandere, het dit oor sowel Afrikaanse as Nederlandse onderwerpe gehandel, soos hierbo genoem.

Antonissen se publikasies uit sy Vlaamse tyd het egter oorwegend oor Nederlandstalige aangeleenthede gehandel en is uitsluitlik in Nederlands geskryf (soos uit die lys van sy boekpublikasies in die bronnelys aan die einde van hierdie artikel blyk). Nadat hy in 1950 Suid-Afrika toe gekom het, het hy bly skryf oor sake uit albei sisteme – en indrukwekkend veel geskryf in die net meer as 20 jaar alhier; in *Standpunte* alleen meer as 60 artikels (Pheiffer, 1972: 2). Die Afrikaanse onderwerpe het egter in die Suid-Afrikaanse fase oorheersend geword en is hoofsaaklik in Afrikaans geskryf. Alreeds hieruit blyk sy verskuifde sistemiese identifikasie: vanaf hoofsaaklik die Nederlandstalige na hoofsaaklik die Afrikaanse.

Brink (1972: 18) vertel 'n anekdote wat laasgenoemde bevestig. Toe Antonissen tydens 'n Belgiese lesingreis in 1971 begin siek voel het weens die longkanker wat hom uiteindelik sy lewe sou kos, het hy aangedring om uit sy geboorteland dadelik na Suid-Afrika terug te keer omdat hy wou sterf in wat hy “my eie land” genoem het.<sup>5</sup> Miskien moet 'n mens, op die spoor van byvoorbeeld C.J.M. Nienaber in sy *commendatio* by die postume toekenning van die Gustav Preller-prys aan Antonissen, praat van sy uitbouing en bevordering van die “Dietse kultuurskat” (Anoniem, 1973). Dis iets wat hy dan gemeen sal hê met nog 'n invloedryke Laelandse letterkundige en kritikus binne die Afrikaanse literatuursisteem, naamlik die genoemde Jan Greshoff (Van Coller en Odendaal, 2006: 80, 89-90 en 94-95).

### 4. Die gesag van Antonissen se gehaltewerk

Kwantiteit alleen bepaal egter nie die waarde van 'n skrywer en/of kritikus en/of literatuurhistorikus se bydrae nie. Die waardering vir Antonissen se werk betref veral die hoogstaande kwaliteit daarvan. Sy kompromislose eis van gehalte is byvoorbeeld uitgesonder (onder meer deur Wiehahn, 1965: 134, en Brink, 1972: 18) as iets wat tot die voordeel van die Afrikaanse letterkunde gestrek het. Daarby is sy juiste vermoë om literêre gehalte te onderskei aangeprys; so ook die objektiwiteit en integriteit van sy oordele, en sy vermoë om tot die kern van 'n werk of 'n skrywerskap deur te dring (Kannemeyer, 1996: 4; Anoniem, 1973; Brink, 1972: 18; Anoniem, 1972a: 3).

Die ruimheid van sy kennis en van sy literêre en kulturele verwysingsveld het hom hierin te baat gekom, was iets “nuuts” in die Afrikaanse kritiek (Wiehahn, 1965: 135) en het “die nodige gesag” aan sy oordele verleen (Kannemeyer, 1977: 90). Brink (2008) beweer dat Antonissen 'n “verbysterend[e]” kennis gehad het van Frans, Nederlands,

Duits, Spaans en Italiaans, natuurlik ook van Afrikaans, dit wil sê benewens sy vaardighede in Grieks en Latyn en naas sy liefde vir musiek en sy bekwaamheid as pianis (Pheiffer, 1972: 2). In sy huldeblyk by die dood van Antonissen vertel Brink (1972: 18) dat 'n mens ná 'n gesprek met Antonissen telkens “met 'n nuwe besef van sereniteit en ruimte [daar weggegaan het]”. Daarom wil hy Antonissen “'n heilige” noem, “in die mate waarin ons tyd so iets toelaat”.

## 5. 'n “Konstruktiewe” rol in die Afrikaanse sisteem

Die kroniek van die Afrikaanse literatuur wat hy meer as 'n dekade en 'n half lank in *Standpunte* waargeneem het (en soos dit onder meer versamel is in die bundels *Kern en tooi*, 1963, en *Spitsberaad*, 1966), asook sy literatuurgeskiedenis *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* in 1955, bewys dat Antonissen oorsigtelik en sistematiseerend met die Afrikaanse literatuur omgegaan het.

Hy was “in die eerste plek literatuurgeskiedkundige” wat na “samehange” gesoek het (Kannemeyer, 1977: 87; Koch, 2002: 215). Sy belangstelling het alle genres gedek en hy het gestreef na integrale oordele oor die oeuvres van outeurs, oor strominge en oor die werk van skrywersgenerasies (Anoniem, 1973; Kannemeyer, 1996: 4). Daardeur munt sy werk uit in die “konstruktiewe” (Kannemeyer, 1977: 87 en 1996: 4) of “vormende” rol (Anoniem, 1973) wat dit in die Afrikaanse literatuursisteem gespeel het. Hy het dus dikwels die rigtings vir die Afrikaanse letterkundekritiek aangedui. Onder meer daardeur het sy kronieke in die vyftigerjare die groot trekpleister vir literatuurgeïnteresseerdes geword in *Standpunte* (Kannemeyer, 1986: 206; Lindenberg, 1965: 105). Soos Van der Elst (sonder jaartal) dit gestel het in 'n referaat: “Meer as enige ander literator-tydgenoot het Antonissen met 'n nuwe, oorspronklike blik na die Afrikaanse letterkunde gekyk en die bestaande gekykte historiese metode hersien en gereorganiseer.”

D.J. Opperman (1964: 14) het laasgenoemde op kenmerkend kernagtige wyse saamgevat in sy satiriese gedig “Ná die Robslanery” (waarin “Rob” natuurlik dubbelsinnig bedoel is):

Die beste kom uit soutgebrek  
om aan die uitgespoelde Rob te lek.

## 6. Die skadukant: Antonissen se sterk kanonvormende rol in die Afrikaanse sisteem

Die skadukant van die “konstruktiewe” van sy literêr-kritiese invloed is die baie sterk kanoniserende rol wat sy beskouings gespeel het.<sup>6</sup>

Byna drie dekades lank, dit wil sê tot die verskyning van Kannemeyer se tweedelige *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* in 1978 en 1983, is Antonissen se *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (1955) ongeveer allerweë as “die belangrikste en

volledigste” (Kannemeyer, 1977: 87) beskou, en “as ’n standaardwerk op dié gebied” (Pheiffer, 1972: 2). Sy literêr-historiese oorsigte oor die Afrikaanse letterkunde het boonop nie net in sy eie boeke verskyn nie; hy is deur P.J. Nienaber as redakteur versoek om ook perspektiewe op die Afrikaanse letterkunde van die twintigste eeu te skryf vir *Perspektief en profiel* (eerste uitgawe 1951) – oorsigte wat, terwyl hy nog geleef het, telkens deur hom bygewerk is en behou is tot die uitgawe van 1982.<sup>7</sup>

Voeg hierby sy belangrike rol as redaksielid en kroniekskrywer van *Standpunte* (kyk onder meer Anoniem, 1972b, in hierdie verband), en die feit dat hy tot die Letterkundige Kommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies is, en dit word duidelik waarom, volgens Kannemeyer (1999: 14), “die orakel van Grahamstad” se uitsprake oor nuutverskene werke “met vrees en bewing” afgewag is deur die skrywers daarvan.

Antonissen se kritieke is – na die getuienis van meer as een kommentator (Wiehahn, 1965: 127; Pheiffer, 1972: 2; Kannemeyer, 1977: 89-90, 1996: 4, en 1999: 14) – dikwels as “skerp”, soms selfs as “kwetsend” aangevoel, hoewel sommige literatore voel dat sodanige oordele selde onbillik of onewewigtig was.<sup>8</sup> Dit was eerder die geval dat hy sy oordele “onverskrokke geformuleer” het, meen Kannemeyer (1996: 4); dat hy in sekere opstelle “’n soort satiriese kritiek” beoefen het (Kannemeyer, 1977: 89). Wat hierna volg (Antonissen, 1963: 46), is van die voorbeelde wat later deur ander (Breytenbach, 1971; Kannemeyer, 1996: 4, en 1999: 14) met kennelike plesier aangehaal is:

Die fout met [Jannie] Kruger [in *Beelde en stemme*] is dat hy van “mooi” prosa hou, van “liriese” prosa, van “deinende” sinne, van “beeldende” taal, van “sondeurgoudelde” woordblomtuile, van “oormatigende” (?) taalvertoon; in een woord, om dit met ’n krugerisme te sê: van stapelwolkende styl. Kruger se styl ly aan chroniese hipertrofie. [...] ’n Mens moet nie te ver soek om te ontdek in watter skool die stilis Kruger gevorm is nie. [...] Alleen by ’n bespreking, d.w.s. “besinging”, van D.F. Malherbe raak hy alle besinning kwyt.

Aangaande die “ondiepe belerende gefilosofeer” in Hymne Weiss se *Die towertapyt* (1956) voeg hy toe (Antonissen, 1957: 99):

Ewe geredelik as ’n matriekmeisie raak sy vreeslik “literêr”, laat die liewe verkleinwoordjies hoogty vier en tooi haar idealisme met handvolle van die blommigste woorde.

Oor Vincent van der Westhuizen, na aanleiding van dié se digbundel *Die rustelose*, skryf hy (Antonissen, 1963: 162):

Só jonk nog, het hierdie poëet hom al só in digterlikheid toegespin dat die kanse op ontsnapping uit die kluwe op sy minste haglik lyk. Met ontstellende flegma pasticheer hy die halwe Afrikaanse poësie [...], die 19e-eeuse poëtiese verhaal, die “skriftuurlike lied” van ouds. Nooit sit hy verleë om rym of metriek nie. Alles begin, verloop, eindig heerlik glad, en sonder rede hoegenaamd. Die

rustelose verlustig hom rustig in gesapige tydsamheid, fraseologie, neologismekomiek [...], verloor alle woordkontrolle, skrywer en transkryber met onverdrote skrybentemoed. Totdat hy naderhand gaan “dobber op ’n see van ink” [...], en óns, geheel verdwaas, mét hom. Om uit dié inksee die enkele verspêrels te haal, wat daar móét wees, vereis heel wakker duikersmoed.

In die polemiekie na aanleiding van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se toekenning van die Hertzogprys aan beide Gerhard J. Beukes en W.A. de Klerk in 1952, spaar Antonissen (kyk Nienaber, 1965: 211) weer eens nie die satireroede nie:

Die moontlikheid dat iemand wat dit maar matig of glad nie verdien nie, tog as ’n goeie skrywer erken sal word, bestaan altyd en oral. Dommies sal inderdaad altyd in die meerderheid en “met ons” wees. Maar daar is dommies aan wie die groot publiek wél, en daar is ander aan wie dit nie aandag skenk nie; daar is dommies van wie die publiek wél, en daar is ander van wie dit nie sal aanneem dat iemand reg het op ’n reputasie as skrywer nie. Die gemiddelde leser sal hom nie steur of laat lei deur die oordeel van sy halfgaar buurman nie, maar hy het deurgaans ’n blinde vertroue in die oordeel wat swart op wit gedruk staan, oor die eter aanwaai of van die kateder verkondig word, van wie dit ook al mag kom. Van die moontlike bestaan van domme “doctores” het hy nouliks ’n vermoede.

En dan trek hy los met swaargeskut op veral F.C.L. Bosman, hoofopsteller van die Letterkundekommissie se verslag (Nienaber, 1965: 214):

Net soos die mense sal brul – en gebrul hét – oor die magdom van kranksinnige broek-in-die-hand-situasies in hierdie... hoe noem u dit here Académiciens? ’n “Klugtige blyspel”? ’n “Sedeblyspel”? ’n “Stuk ryk aan kostelike situasies en tipering”? ’n “Rake ontmaskering van menslike gebreke”? – Tensy u bruloefeninge as ’n funksie van dramatiese kuns beskou? Maar onthou dat daar heelwat ander en nóg minder stigtelike dinge is wat ’n mens die historiese lagkramp kan laat kry. U verslag, byvoorbeeld.

Dit is nogal ironies dat so ’n streng beoordeelaar van veral stilistiese aspekte – wat “in sy kritiek bowenal nugter, saaklik en ‘wetenskaplik’ ” wou wees, en “’n ‘gegoël’ met woorde en vae begrippe” gewantrou het (Wiehahn, 1965: 127) – juis die skyf van kwaai stylkritiek moes word. ’n Hele paar kommentatore (W.E.G. Louw in die polemiekie tussen hom en Antonissen wat in die drie opeenvolgende *Standpunte*-nommers van Junie tot Oktober 1959 verskyn het; Wiehahn, 1965: 129; Nienaber-Luitingh, 1979: 12) het uitgewys hoe sekere hebbelikhede sy skryfwerk by tye “onnodig duister en ingewikkeld” (Nienaber-Luitingh, 1979: 12) gemaak het, naamlik:

- die sterk neerlandistiese inslag van sy skryfstyl, gepaardgaande met talle ontlenings aan Nederlands, Frans, Duits en Latyn, asook met argaïsmes (byvoorbeeld “edog”, “vermits”, “voorasnog”, “jowel”);
- die benutting van, enersyds, ellelange woordkoppelings (byvoorbeeld “werker-omsteeds-dieper-en-reiner-wete”) en, andersyds, óntkoppelings van woord-dele (soos “be-nou-de”) – en dit dikwels herhaaldelik in één sin, en sonder noodwendige

semantiese dwingendheid, maar eerder uit gewoonte;

- 'n parentetiese sinsbou, met verduidelikende sinne tussen hakies, wat dit “omslagtig en onhelder” maak (Wiehahn, 1965: 129);
- en die frekwente, meermaals onnodige aanwending van akuut- en gravis-aksente.

Wiehahn (1965: 129) vat die stylkritiek op Antonissen soos volg saam: “Dit is miskien nie onbillik [nie] om te verklaar dat Antonissen se styl, meer as dié van enige ander Afrikaanse kritikus, ‘primêr as styl’ ervaar word. So 'n ‘opvallende’ styl is 'n tekortkoming, veral by 'n kritikus wat sulke ontoegeeflike kritiek oor die styl van ander skryf!”

Brink (1972: 18) en Kannemeyer (1996: 4, en 1999: 14) tree in die bresse vir Antonissen in hierdie verband. Laasgenoemde verbind die Antonissen-skrystyl met 'n strewe na “indringende, kernagtige formulering”, terwyl Brink dit weer sien “as net so 'n fyn, veelduidige en gevoelige instrument as die styl van enige groot skrywer. Sy styl was so ‘moeilik’, want so saamgedronge en ryk as dié van 'n Henry James of 'n James Joyce. Dit was deel van 'n instelling wat geen toegewings gedoog nie [...]”

Hoe ook al, Antonissen se literêr-kritiese oordele is klaarblyklik as besonder gesaghebbend gegag. Hy het daardeur 'n belangrike hekwagter en smaakmaker in die Afrikaanse sisteem geword.

'n Mens bemerk dit onder meer in die wyse waarop uitsprake van hom deur kritici en literatuurhistorici ná hom oorgeneem is, dikwels bykans woordeliks. 'n Ondersoek hierna is 'n artikel op sy eie werd en kan nie binne die bestek van hierdie oorsig onderneem word nie. In 'n artikel oor die digterskap van S.J. Pretorius (Van Coller en Odendaal, 2005a) is egter aangetoon hoe die “balseming” van Pretorius tot digter “van die tweede plan” deels gebaseer is op die oordele van Antonissen. (A.P. Grové en, ietwat later, André P. Brink, was ánder invloedryke kritici wie se kritiek op Pretorius veral deur agternakomers nagepraat is.) In daardie artikel word uitgewys hoe die oorname van sekere tiperende woorde of frases om Pretorius se digkuns te beskryf (uit onder meer Antonissen se artikels en resensies), soms in die vorm van naby-verwante variasies, wesenlik bygedra het tot die bestendiging van Pretorius se (nievoorste) posisie in die Afrikaanse poësiekanon. Dit was 'n proses wat Pretorius gegrief het. Naas uitsprake wat hy in onderhoude in hierdie verband gemaak het (Bekker, 1972; Schutte, 1970; Erasmus, 1992), het hy hom ook herhaaldelik in gedigte hieroor uitgelaat. Desondanks blyk uit sy korrespondensie met Antonissen dat Pretorius waarde geheg het aan Antonissen se oordeel en ook by hom aangeklop het om raad.

## **7. Die gesag van aansien in die Nederlandstalige sisteem vir optrede in die Afrikaanse**

Sy gesaghebbende posisie het Antonissen natuurlik verdien op grond van die uitnemendheid van sy kritiese en literêr-historiese werk oor veral die Afrikaanse letterkunde, soos hierbo verduidelik. Hoe hy, as Vlaming en oortuigde Katoliek

(Pretorius, 1972: 5; Anoniem, 1972a: 3), so 'n seminale rol in die literêre kanon van die sterk nasionalisties en Protestants gerigte Afrikaanse leefwêreld kon verwerf, is egter 'n interessante verhaal wat minstens deels aan die hand van die sisteemteorie beskryf kan word.

Hoewel Antonissen nie 'n universitêre betrekking in Vlaandere beklee het voordat hy na Suid-Afrika gekom het om die vakante lektoraat in Afrikaans en Nederlands aan die Rhodes-universiteit te vul nie, het hy reeds 'n aansienlike reputasie as jong Nederlandstalige literator opgebou gehad. As student in Leuven het hy uitgemunt en is daar aan hom gedink as een van die briljantste in sy fakulteit. Sy doktoraat het hy in 1942 *summa cum laude* behaal (Anoniem, 1972c: 15) op 'n ouderdom van slegs 23 jaar; ná publikasie is dit bekroon met die Letterkundige Prijs der Vlaamse Provinciën (Koch, 2002: 210).

Sedert 1939 en tot en met sy koms na Suid-Afrika het ongeveer 20 verdere boekpublikasies naas sy proefskrif (waaronder 'n aantal geannoteerde vertalings en bewerkings) in die Lae Lande verskyn, asook heelparty artikels en resensies in tydskifte soos *Nieuw Vlaanderen*, *Dietsche Warande en Belfort*, *Cultuurleven*, *Boekengids*, *Standpunte*, *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* en *Huisgenoot*.

Soos Jan Greshoff en H.A. Mulder voor hom – eweneens Laelanders, op wie se “oorgrens-funksionering” tussen die Afrikaanse en Nederlandse literatuursisteme in 'n artikel deur ons (Van Coller en Odendaal, 2006) gewys is – was hy dus beklee met die gesag van redelike aansien in die Nederlandstalige wêreld, “die tradisieryke en (voorheen) dominante kultuursentrum waarvandaan hulle na hierdie literêre marge in 'n voormalige VOC-verversingspos (en kolonie van die Bataafse Republiek tussen 1803 en 1806) uitgewyk het” (Van Coller en Odendaal, 2006: 89). Bowendien het, soos al gesê, heelparty van hierdie “pre-Suid-Afrikaanse” publikasies van hom juis Afrikáanse taal- en letterkundeonderwerpe betref, sodat sy toetrede tot die Afrikaanse sisteem vergemaklik is. Trouens, dis waarskynlik grootliks op grond van hierdie gegewe dat W.E.G. Louw die aanstelling van Antonissen as opvolger van die in 1949 oorlede H.A. Mulder aan die Rhodes-universiteit aangevoer het (Anoniem, 1972a; Anoniem, 1972c; Kannemeyer, 1996: 4).

Aan die Rhodes-universiteit sou Antonissen binne 'n paar jaar vorder tot professor (1958) en later hoof van die departement Afrikaans en Nederlands – 'n departement wat onder sy leiding ontwikkel het tot wat “deur talle akademici as die lewenskragtigste van al die Afrikaanse departemente aan Afrikaans- en Engelstalige universiteite bestempel” is (Anoniem, 1972b; kyk ook Anoniem, 1972c: 11). Hy het ook jare lank as dekaan van die letterefakulteit by die Rhodes-universiteit gedien en is in 1970 verkies tot viserektor aldaar.

Maar om terug te keer tot H.A. Mulder: Sy bemiddelingswerk tussen die Nederlandstalige (veral Noord-Nederlandse) en die Afrikaanse sisteme, asook sy yker-, mentor- en bevorderaarfunksie binne die Afrikaanse letterkundewêreld (soos dié van Greshoff – kyk Van Coller en Odendaal, 2006), het eintlik die weg gebaan vir

Antonissen om (hoewel as Suid-Nederlander of Vlaming) ’n soortgelyke rol te speel en soortgelyke funksies te hê. Hy kon as ’t ware in die plek van Mulder groei tot “vertroueling van Dertigers en Veertigers” (Brink, 1972: 18), en byvoorbeeld gou in die plek van Mulder opgeneem word in die redaksie van *Standpunte* (met W.E.G. Louw as redakteur). Wichahn (1965: 134-135) beweer selfs dat Antonissen duidelik bepaalde kriteria in literêre beoordeling met Mulder gedeel het (“intensiteit”, “adekwate vormgewing”), en Brink (1972: 18) trek ’n parallel tussen die kultureel verruimende rolle wat Mulder en Antonissen, as draers van “’n hele ontsaglike Europese tradisie”, hier in Suid-Afrika kon speel.

Teen die tyd dat Antonissen in die Afrikaanse sisteem werksaam geraak het, het dié sisteem in elk geval al, via die emansipasiewerk van die Dertigers en Veertigers, ontwikkel tot een wat so outonoom en veerkragtig geword het dat dit sigself gewillig oopgestel het vir beïnvloeding vanuit ander sisteme. Altans, só sou dit beskrywe kon word na aanleiding van Brink (1991) se onderskeiding van die fases van oopheid en geslotenheid in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis jeens die literature van veral Nederland en Brittanje as voormalige koloniale moondhede. Vandaar dat Antonissen voorts, soos in ’n mate ook Greshoff (kyk Van Coller en Odendaal, 2006: 82-86), volgens ’n belangrike Sestiger soos André P. Brink “’n soort peetvader vir die hele jonger generasie” van die Afrikaanse Sestigters kon word (Brink, 1972: 18; kyk ook Anoniem, 1972b) – juis vir hulle wat ’n vernuwing van die Afrikaanse letterkunde nagestreef het deur “’n wegswaai van die tradisionele Afrikaanse motiewe in die rigting van ’n groter ‘internasionalisme’ ” (Kannemeyer, 1983: 246). Met laasgenoemde het Kannemeyer ’n oopmaak van die Afrikaanse literêre sisteem vir temas en standpunte uit die Franse en Duitse eksistensialisme en die teater van die absurde, asook vir eksperimente met strukturele, temporele en tipografiese aspekte en met nuwe poësietegnieke in die oog.

Die netwerk van verbintenisse wat Antonissen ná sy verhuising na Suid-Afrika kom lê het, asook die Laelandse en ander Europese verbintenisse wat hy bly handhaaf het, is ’n ander faset van sy werksaamheid wat ondersoek verdien, veral aan die hand van bewaar geblewe korrespondensie – maar ook dit sal in ’n opvolgstudie moet geskied.

## 8. Assimilasie binne die Afrikaanse sisteem deur in Afrikaans te skryf

Dat Antonissen hier in Suid-Afrika byna dadelik oorwegend in Afrikaans begin skryf het, behalwe wanneer dit om ’n oorsese teikenpubliek gegaan het, het sy assimilasie in die Afrikaanse sisteem verder vergemaklik.

Ook in hierdie opsig is hy die opvolger van H.A. Mulder. Uit Van Coller en Odendaal (2006) se studie oor die “oorgrens-funksionering” tussen die Afrikaanse en Nederlandse literatuursisteme deur Mulder, Jan Greshoff en Elisabeth Eybers het dit duidelik geblyk dat die taal waarin letterkunde, literêre kritiek en aanverwante geskryfte geskryf is, waarskynlik dié belangrikste faktor is wat die sentraliteit, al dan nie, van ’n

rolspeler-van-buite en sy of haar werk in 'n taalspesifieke kanon bepaal (Van Coller en Odendaal, 2006: 90). Daarom dat Mulder se kritiese werk as 'n Afrikaanse literêre erfenis beskou word, maar nie sy of Greshoff se Nederlandstalige digkuns nie. En vandaar dat Elisabeth Eybers se poësie nie in die heel belangrikste Nederlandstalige poësiebloemesings opgeneem is nie – selfs al is die heel belangrikste Laelandse literêre prys, die P.C. Hoofd-prys, in 1991 aan haar toegeken.

## 9. Slot

Om saam te vat aangaande Antonissen se rol in die Afrikaanse literêre sisteem:

- *Institusioneel* was hy miskien nie heeltemal in die sentrum gesetel nie. Hy was byvoorbeeld nie 'n hoogleraar aan een van die groot Afrikaanse universiteite van daardie tyd nie (waarskynlik vanweë sy Rooms-Katolieke godsdiensoriëntasie in 'n Protestants oorheersde omgewing<sup>9</sup>). Dáárvor het hy egter vergoed deur as jare lange hoof die departement Afrikaans en Nederlands aan die Rhodes-universiteit uit te bou tot (volgens Brink) die lewendigste in Suid-Afrika tussen ongeveer 1950 en ongeveer 1970. Daarby was hy wel lid van die Letterkundige Kommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie, en redaksieel en gereelde kroniekskrywer van die belangrikste Afrikaanse literêre tydskrif van daardie jare, naamlik *Standpunte*.
- Hy was 'n vertroueling, selfs begeleier van toonaangewende *élites of rolspelers* in die Afrikaanse sisteem van sy tyd alhier, naamlik aanvanklik van die Dertigers en Veertigers, en, volgens Brink, later ook van die Sestigters. Voeg hierby sy lidmaatskap van sowel die Suid-Afrikaanse as die Koninklike Vlaamse Akademies. In erkenning van sy sentrale rol as literêre kritikus en geskiedskrywer ontvang hy toekennings (postuum vanweë sy relatief vroeë dood) van sowel die Suid-Afrikaanse Akademie as van die Belgiese regering.
- Deur sy kritieke en kronieke, asook deur die literatuurgeskiedenis oor Afrikaans wat hy geskryf het en die bloemesings oor sowel aspekte van die Afrikaanse as die Nederlandstalige letterkundes wat hy saamgestel het, het hy van die belangrikste *sistemiese instrumente* gehanteer binne veral die Afrikaanse literêre wêreld. Veral sy *Die Afrikaanse literatuur van aanvang tot hede* en die tweedelige *Digkuns van die Nederlande* was dekades voorskryfmateriaal aan kolleges en universiteite in Suid-Afrika, sodat sy werk ook die kurrikula aan sulke instellings moes beïnvloed het.

Het ligt voor de hand dat ook ik iets over het hoofd zie, maar dankzij Lijphart is dat dan hooguit klein bier. Wel is er nog één passage die in deze eigenaardige geschiedenis een eigen plaats heeft maar tot nu toe onopgemerkt is gebleven. Het Haagse typoscript bevat namelijk één fragment dat (anders dan de tot nu toe genoemde weglatingen) in het typoscript zelf is doorgestreept en voorzien van de aanwijzing: "laat uit". Ik dacht hier aan een schrapping door Breytenbach zelf, maar hij ontkent dat met nadruk en beschikt voor het onwaarschijnlijke geval dat iemand aan zijn woord zou twijfelen over een moeilijk weerlegbaar argument: "Laat uit' is niet in mijn handschrift."

Ook in de vertalingen is het hier volgende fragment niet te vinden (Lazarus, 1980: 230; Breytenbach, 1980a: 216). Het is een "inédit", dat na zo'n jaar of veertig met toestemming van de auteur (waarvoor veel dank!) het daglicht ziet. Voor de Afrikaanse lezers die destijds hun eerste druk met knipsels uit *Stet* compleet hebben gemaakt: dit stukje hoort in de Afrikaanse uitgave op bladzijde 176, na "asof die hart 'n stukkende platespeler is". We zitten in het hoofdstuk "18 maart 1973". Breytenbach rijdt na een paar zware dagen en een beschonken avond door de nacht, samen met een "ou Tjom" (kameraad), die een kenner voor mij thuisbracht als de uitgever Saayman. Van Kampsbaai gaat het richting Somerset-Wes:

Ons bestemming was Armbeurs se huis in 'n bos naby die Strand. 'n Swart wind het saam met ons deur die nag oor die hoofpad gejaag.

In die bos was daar honde en bloekombome. By die strale van die motor se kopligte het ons aan Armbeurs se voordeur gaan klop. Ons plan was goed belê, altans, die bedoeling was duidelik, die uitvoering daarvan miskien problematies. Ons sou naamlik op soek na 'n bietjie mensetroos saam by haar slaap. Sy het die deur kom oopmaak. Dit kon nie ver van dagbreek af gewees het nie. Sy het koffie vir ons gemaak. Deur die huis loop 'n hond met slegs drie pote. Die dood is verskriklik maar die lewe is ook maar swaar.

Jy sou die eerste skof vat en ek het maar solank op die vloer gaan lê en uitrus tot jy nou jou stootjie gestoot het. Maar daar moes iets verkeerd gewees het met die matras want ek het gehoor hoe steek jy heeltemal mis, hoe jy baklei optel met die lakens en hoe jy dan soos 'n waatlemoen uit die boom ghwar op die vloer tereg kom. Jy het soos 'n man geprobeer, ou maat, maar die teiken wou nie stillê nie. En ek het tussen slaap en droom ingedommel. Toe was dit ligdag. Armbeurs se driepoot hond het aan my neus gestaan en lek en die vloer was ook nie van die sagste nie. Ons moes wikkell. Daar was weereens vars koffie en 'n kordate stryd om jou sokkies en das uitmekaar te kry en uit te werk watter kledingstuk by welke liggaamsdeel moet pas. Dis toe wat jy daardie wonderlike storie vir my vertel van hoe jou broer in die bad aan die slaap geraak het en hoe benoud hy was toe hy wakker skrik ure later want sy ou pioletjie was net die ene rimpels – hy het gedog hy kry nooit weer vastrapplek nie!

Zou dit staaltje van licht-machistische zelfspot destijds geschrapt zijn door een of andere zelfbenoemde zedelijkheids politieagent? Zo krijgt de aanduiding “gekuiste” achterop de Nederlandse vertaling toch nog inhoud. Wie er meer van weet, mag het zeggen.

## 7. Vraag en antwoord

Wie deed wat en waarom? De regering van Zuid-Afrika voerde een politiek van apartheid uit angst dat de blanke Zuid-Afrikanen hun overmacht in het land zouden verliezen. In dit kader gaf zij het echtpaar Breytenbach pas na lang wachten toestemming voor een bezoek, omdat de ministers mevrouw Breytenbach vanwege haar Vietnamese afkomst classificeerden als niet-blanke. En huwelijken tussen personen uit verschillende bevolkingsgroepen waren verboden.

Deze beladen reis inspireerde Breytenbach tot *'n Seisoen in die paradys*. Uitgeverij Buren (Saayman) kon *'n Seisoen niet* uitgeven. Breytenbach nam het initiatief voor een uitgave bij Perskor, maar tegen heug en meug. Hij ging akkoord met schrappen, mits de uitgever Smit alleen zou schrappen na toestemming van drie door Breytenbach aangewezen vertrouwelingen. Toch bleef hij Smit wantrouwen en hamerde hij op de noodzaak van volledige uitgaven in het buitenland.

Smit vond schrappen waarschijnlijk nodig om de kans op gratie voor Breytenbach niet te bederven en wellicht ook om gevrijwaard te blijven van de officiële censuur. Hij heeft zich gehouden aan de afspraak. Met dezelfde bedoeling gaat hij in de flapttekst verregaand door de knieën. Daar stelt hij Breytenbach buiten diens medeweten voor als sympathieke naïeve dichter met een twijfelachtige maar wel eerlijke overtuiging.

Smit en Breytenbachs drie vrienden handhaafden in hun bewerking Breytenbachs kritische houding tegenover de apartheid. Zij hebben niet geprobeerd om Breytenbachs geladen impressie van Zuid-Afrika te ontdoen van haar eigen karakter. Wel lieten ze de felste uitvallen tegen belangrijke Zuid-Afrikaanse instellingen verdwijnen. Ook schraptten ze voorspellingen inzake het eind van de apartheid, vooral die waar dit eind wordt voorgesteld als een bevrijding.

De vertalers streefden naar een onverkorte versie. Adriaan van Dis bewees de Breytenbachstudie een goede dienst door zijn documenten te laten overgaan in openbaar bezit.

Uitgeverij Meulenhoff wilde evenzeer een volledig *Seisoen* en gaf het boek mooi uit, maar liet zich verleiden tot een niet helemaal verantwoorde *blurb*. Truida Lijphart-Bezuidenhout heeft Breytenbachs drie vrienden gevraagd naar hun rol bij de bewerking en die van Smit. Zij heeft bijna alle weglatingen openbaar gemaakt in de oorspronkelijke Afrikaanse versie. Het Letterkundig Museum bewaart het typoscript netjes voor wie er belang in stelt.

## 8. Besluit

In dit artikel worden beslist niet alle moeilijkheden van de tekst- en editiegeschiedenis van *'n Seisoen in die paradys* opgelost. Het lijkt alsof het typoscript in het Letterkundig museum identiek is aan het "typoscript van Meulenhoff" van Lijphart, maar zeker is dat niet. Zijn er nog meer typoscripten bewaard en zo ja, waar? Hoe verliep *precies* de gang van Breytenbachs oorspronkelijke tekst naar de eerste Afrikaanse druk? Waarom zag André Brink af van zijn uitdrukkelijke voornemen om het boek in het Engels te vertalen? Het zijn maar een paar van de vele vragen. En afgezien van de tekstvaststelling: Breytenbach grossiert in *'n Seisoen* natuurlijk zoals hij dat altijd doet in toespelingen op inmiddels vergeten actualiteiten, verdraaide namen van intussen vergeten beroemdheden en andere grappen waar je als ijverige "uitlander" maar moeilijk een vinger achter krijgt.

Dit Hollandse artikel is mede gericht op Zuid-Afrika. Voor een nieuwe generatie Zuid-Afrikaanse tekstuitgevers, wellicht leerlingen van Kannemeyer, wil het een handschoen zijn om op te rapen, een aanmoediging om alle problemen opnieuw te bestuderen en op te lossen teneinde te komen tot waar we al veel te lang op wachten: de eerste verantwoorde ongcensureerde kritische Afrikaanse editie van *'n Seisoen in die paradys*.

Universiteit Leiden  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

## Bronnelys

- Anoniem.** 1975. Ook in die woestyn het die tong nog 'n skadu (1). De rechtszaak Breyten Breytenbach. *Literama*, 10: 370-382.
- Anoniem.** 1980. Officiële berichten onder uitsluitende verantwoordelijkheid van de Vereniging ter bevordering van de belangen des Boekhandels. *Boekblad. Nieuwsblad voor het boekenvak*, 147(44): 58.
- Breytenbach, Breyten.** 1964. *Katastrofes*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Breytenbach, Breyten.** 1974. *De boom achter de maan. Verhalen*. Vertaling Adriaan van Dis en Jan Louter. Met tekeningen van de auteur. Amsterdam: Van Genneep.
- Breytenbach, Breyten.** 1980a. *A Season in Paradise*. Vertaald door Rike Vaughan. Londen: Jonathan Cape.
- Breytenbach, Breyten.** 1980b. *Die miernes swel op ja die fox-terrier kry 'n weekend en ander byna vergete katastrofes en fragmente uit 'n ou manuskrip*. Emmarentia: Taurus.
- Breytenbach, Breyten.** 1984. *De ware bekentenissen van een witte terrorist gevolgd door kanttekeningen, tien gedichten en het Okhela-manifest*. Vertaling Gerrit de Blaauw en Adriaan van Dis. Amsterdam: Van Genneep.
- Breytenbach, Breyten en André Brink.** 1977. Een riskante briefwisseling. Ingeleid en van aantekeningen voorzien door Adriaan van Dis. *Raster*, 4: 5-26.

- Giliomee, Hermann.** 2008. Great Expectations: Pres. P.W. Botha's Rubicon Speech of 1985. *New Contree*, 55: 1-41.
- Kannemeyer, J.C.** 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Deel 2. Pretoria enz.: Academica.
- Lasarus, B.B.** 1976. *'n Seisoen in die paradys*. Johannesburg: Perskor.
- Lazarus, B.B.** (Breyten Breytenbach). 1980. *Een seisoen in het paradijs*. Met een woord vooraf van André Brink. Vertaald door Adriaan van Dis en Hans Ester. Amsterdam: Meulenhoff.
- Lijphart-Bezuidenhout, Truida.** 1985. Fascistiese pampoene of koue pampoene. Knip- en plakoefening vir 'n paradys. *Stet*, 3(1): 4-9.
- McDonald, Peter D.** 2010. *The Literature Police. Apartheid Censorship and its Cultural Consequences*. Paperback publication. Oxford: Oxford University Press.
- Peters, Bas.** 1996. *Op zoek naar Afrika. Over het verbod op Kennis van die aand van André P. Brink*. Leiden: SNL.
- Recourt, Annemiek.** 2008. *Niet te véél aksent op het "Zud-Afrikaanse" als-je-blijft. De materiële en symbolische productie van het oeuvre van Breyten Breytenbach in Nederland*. Ongepubliceerde M.A.-scriptie Universiteit van Amsterdam.
- Van den Bergh, Erik.** 2003. Breytenbach in Nederland. In: Buikema, Rosemarie en Maaiké Meijer (red.). *Kunsten in beweging 1900-1980*. Den Haag: Sdu: 345-360 en 413-417.
- Van Zyl, Wium.** 2012. Huldeblyk J.C. Kannemeyer (1939-2011). *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1): 156-158.
- Viljoen, Hein.** 1998. Breyten Breytenbach (1939-) alias Panus, alias Don Espejuelo, alias Bangai Bird, alias Kamiljoen. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: J.L van Schaik: 274-293.
- Viviers, Jack.** 1978. *Breyten. 'n Verslag oor Breyten Breytenbach*. Kaapstad: Tafelberg.

# Afrikaanse herskrywings van Martinus Nijhoff se ikoniese gedig “Impasse”

Ronel Foster

## *Afrikaans rewritings of Martinus Nijhoff’s iconic poem, “Impasse”*

*In this article three Afrikaans rewritings of Martinus Nijhoff’s well-known poem “Impasse” are discussed. The original poem was first published in 1935 and then repeatedly revised by the author. The Afrikaans rewritings are those of T.T. Cloete (1982), Merwe Scholtz (1986) and Daniel Hugo (2002). The aim of this article is to investigate the nature of the impasse in the respective rewritings and to determine to which extent they concur with or differ from the thematics of the Nijhoff source text(s). A further aim is to establish whether or not the poems are polemical. The following questions are discussed: To what can the iconic status of the Nijhoff variants and their influence over many decades be attributed? How does each of the poets appropriate and individualise the original material? What are the background histories of the particular rewritings and in what respect(s) do they differ? Did the poets offer any poetical comments in interviews or articles on the Nijhoff source text(s) and the Afrikaans and Dutch rewritings? Simon Dentith’s Parody (2000) is utilised as a theoretical framework.*

## 1. Inleiding

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na herskrywings van Martinus Nijhoff se bekende gedig “Impasse”, wat in 1935 in die letterkundige jaarboek *Kristal* verskyn en ’n jaar later in gewysigde vorm en sonder titel as agtste sonnet opgeneem is in die siklus “Voor dag en dauw” (*De Gids*, 1936). Vanaf 1946 verskyn die *Kristal*-sonnet (met enkele wysigings) in die vyfde druk van *Nieuwe gedichten*, en wel in die plek van die gedig “De schrijver”. Die variante is al grondig bespreek, in die besonder deur Wiljan van den Akker (1985, 1987, 1989, 1994).<sup>1</sup> Verder is “Impasse” al meermale vertaal,<sup>2</sup> ook in Afrikaans (deur Hennie van Coller, 2012: 137). Wat my interesseer, is Afrikaanse en Nederlandse gedigte wat na aanleiding van die variante geskryf is, soos byvoorbeeld aan Afrikaanse kant dié van T.T. Cloete (1982), Merwe Scholtz (1986) en Daniel Hugo (2002); en aan Nederlandstalige kant dié van Ad Zuiderent (1988), Charles Ducal (1994), Chretien Breukers (2005/2007/2010), Koenraad Goudeseune (2005), Ronald Ohlsen (2007/2009), Alfred Schaffer (2008), Leonard Nolens (2008), Areth (2008) en K. Michel (2009).<sup>3</sup>

Aan die hand van teorieë oor intertekstualiteit en parodiëring kyk ek vergelykenderwys en oorsigtelik na die Afrikaanse voorbeelde. Vrae waaraan aandag bestee word, is die volgende: Waaraan kan die ikoniese status van die Nijhoff-variante en hul besondere nawerking oor dekades heen toegeskryf word? Op welke wyse gee die verskillende digters ’n eie invulling aan die oorspronklike gegewe? Hoe verskil die agtergrondgeskiedenis en bundelkontekste van die verskillende herskrywings?

Het die digters enige poëtikale uitsprake in byvoorbeeld onderhoude of artikels oor die herskrywings en die oorspronklike Nijhoff-gedigte gemaak? Die doelstelling met die artikel is om na te gaan wat die impasse in die onderskeie herskrywings behels en in watter mate dit aansluit by of afwyk van die tematiek van die Nijhoff-bronteks(te). 'n Verdere doelstelling is om te ondersoek of die tekste 'n polemiese inslag vertoon, al dan nie.

Oor begrippe soos nabootsing (imitasie), intertekstualiteit, parodiëring en hersirkulering is al uitgebreid geskryf en geargumenteer. Vir die doel van hierdie artikel steun ek op Simon Dentith se *Parody* (2000), waarin parodie as 'n omvangryke en inklusiewe begrip gehanteer word. Vir Dentith spruit parodie voort uit die onvermydelike maneuvres in alledaagse taalgebruik; van woord en wederwoord. Dit het te doen met die onophoudelike geveg oor betekenis en waardes waaruit enige sosiale orde bestaan: “Parody includes any cultural practice which provides a relatively polemical allusive imitation of another cultural production or practice.” (Dentith, 2000: 9). Hierdie definisie brei Dentith (2000: 17-18) uit wanneer hy sê dat die polemiese aard van die parodie nie noodwendig betrekking hoef te hê op die voorafgaande teks self nie, maar op die wêreld as sodanig (of op aspekte van die wêreld). Parodiëring kan ook met wisselende mate van spot en humor geskied (Dentith 2000: 37 en 193).

Dentith (2000: 11-21) lei sy boek in deur 'n bondige oorsig<sup>4</sup> van vier besprekings oor parodiëring: eerstens dié van Gerard Genette (*Palimpsests*, 1997 [1982]), wat 'n klassifikasiesstelsel van verskillende soorte intertekstualiteit bied, asook die onderskeid tussen hipoteks (die oorspronklike, geparodieerde teks) en hiperteks (die parodiërende of transformerende teks); tweedens die teoretisering van Margaret Rose (*Parody/Metafiction: An Analysis of Parody as a Critical Mirror to the Writing and Reception of Fiction*, 1979, en *Parody: Ancient, Modern and Post-modern*, 1993), wat betoog dat sekere soorte parodiese fiksie as metafiksie optree; derdens die teoretisering van Robert Phiddian (*Swift's Parody*, 1995), wat 'n dekonstruktivistiese rigting inslaan, met gebruikmaking van Roland Barthes se metafoer van die dood van die outeur en Jacques Derrida se konsep van “writing under erasure” (*sous rature*); en vierdens die navorsing van Linda Hutcheon (*A Theory of Parody: The Teachings of Twentieth-Century Art Forms*, 2000 [1985]), wat beweer dat 'n beduidende hoeveelheid werke wat sy bespreek, nie 'n polemiese inslag vertoon nie.

Met behulp van 'n historiese oorsig en gevallestudies toon Dentith aan dat parodieë meer prominent in bepaalde historiese tydvakke en gemeenskappe voorkom. Hy stel nie soseer belang in klassifikasiesstelsels en terminologiese verfyning nie, maar eerder in die kontekste waarbinne die parodieë gesitueer is. Vrae wat hom interesseer, is die volgende (Dentith, 2000: 188): Watter kulturele werk word deur die parodie of parodieë geaffekteer? (En, wil ek byvoeg: op welke wyse?) In wie se belang of namens wie vind die parodiëring plaas? Met watter mate van geestigheid, vernuf en energie geskied dit? Hierdie vrae sal ook telkens in my artikel aan bod kom.

## 2. Nijhoff se variante

Die ikoniese waarde van Nijhoff se “Impasse” is onder meer toe te skryf aan sy eie herskrywing van die gedig, waarby hy met geringe wysigings die teks in 1936 ’n heel ander rigting laat inslaan het. Aan die 1935-variant het Nijhoff ook enkele veranderinge aangebring toe hy dit in 1946 in sy *Nieuwe gedichten* opgeneem het. Vir die doel van hierdie artikel word sowel die “ik weet het niet”-variant (1935 en 1946) as die “een nieuw bruiloftslied”-variant (1936) as bron- of hipotekste gehanteer, en die herskrywings deur ander digters as gerekonstrueerde of hipotekste (vergelyk Genette, 1997: 5). Die 1946-variant lui soos volg (Nijhoff, 2001: 228):

**Impasse – M. Nijhoff** (1946, gebaseer op die variant van 1935)

Wij stonden in de keuken, zij en ik.  
Ik dacht al dagen lang: vraag het vandaag.  
Maar omdat ik mij schaamde voor mijn vraag  
wachtte ik het onbewaakte ogenblik.

Maar nu, haar bezig ziend in haar bedrijf,  
en de kans hebbend die ik hebben wou  
dat zij onvoorbereid antwoorden zou,  
vroeg ik: waarover wil je dat ik schrijf?

Juist vangt de fluitketel te fluiten aan,  
haar hullend in een wolk die opwaarts schiet  
naar de glycine door het tuimelraam.

Dan antwoordt zij, terwijl zij langzaam  
druppelend water op de koffie giet  
en zich de geur verbreedt: ik weet het niet.

Die weergawe in “Voor dag en dauw” lui soos volg (Nijhoff, 2001: 274):

**VIII – M. Nijhoff** (1936)

Wij stonden in de keuken, zij en ik.  
Ik dacht al dagen lang: vraag het vandaag.  
Maar omdat ik mij schaamde voor mijn vraag  
wachtte ik het onbewaakte ogenblik.

Maar nu, haar bezig ziend in haar bedrijf,  
 en de kans hebbend die ik hebben wou  
 dat zij onvoorbereid antwoordei zou,  
 vroeg ik: waarover wil je dat ik schrijf.

Juist vangt de fluitketel te fluiten aan.  
 Weer is dit leven vreemd als in een trein  
 te ontwaken en in een ander land te zijn.

En zij antwoordt, terwyl zij langzaam-aan  
 het drup'lend water op de koffie giet  
 en de damp geur wordt: een nuw bruiiofslied.

Benewens kleiner verskille tussen die gedigte, is dit die laaste twee strofes, die sekstet, wat wesenlik verskil. In albei gevalle is die ingetoë ek-spreker uiters verleë wanneer hy aan die vrou (miskien sy vrou) vra waaroor sy wil hê dat hy moet skryf. Hy verkeer dus (skynbaar) in 'n poëtiese impasse of doodloopstraat. In die 1946-variant is dit asof die vrou gehul word in die stoom van die ketel wat opwaarts skiet na die "glycine" met sy takke welriekende ligblou of lila blommetjies (bloureën, *Wisteria sinensis* of *chinensis*). Dit is asof sy tot 'n boardse vlak verhef word, in 'n waas van heiligheid. Maar dan kom 'n antiklimaks: Terwyl die vrou die water op die koffie giet, volg die abrupte antwoord dat sy nie weet nie. Die digter wat aan skrywersblok ly, se muse het hom in die steek gelaat; hy kom bedroë daarvan af.

In die "Voor dagen dauw"-siklus antwoord die vrou skynbaar meer positief: Sy verlang 'n nuwe bruiiofslied. Hoewel die klem hier sterker op die verhoudingsimpasse as op die poëtiese impasse val, het kritici soos Van den Akker (1987: 123 en 126) oortuigend aangetoon dat 'n verhoudingskrisis reeds in die eerste variant die onderliggende problematiek vorm. In die Afrikaanse en Nederlandse herskrywings word digterlike en verhoudingskrisisse dan ook op verskillende wyses aangebied en gehanteer. Nijhoff se siklus was vergesel van 'n ope brief (Nijhoff, 2001: 265-266) aan die historikus Johan Huizinga (1872-1945), wie se *In de schaduwen van morgen: Een diagnose van het geestelijk lijden van onze tijd* (1935) as inspirasie gedien het en wat soos volg open: "Wij leven in een bezeten wereld. En wij weten het." In hierdie pessimistiese geskrif<sup>5</sup> ontleed Huizinga die sosiokulturele situasie voor die Tweede Wêreldoorlog. Die mens leef in die donker van "voor dag en dauw", maar die belofte van die daeraad is daar – dit moet egter deur die mens bewerkstellig word: "De dragers van een gezuiverde cultuur zullen moeten zijn als pas ontwaakten in een vroegen morgen." (Huizinga, 1935: 425). In sy agt sonnette bied Nijhoff dan beelde aan van mense wat pas ontwaak het. In die kritiek het die voorkeur meestal uitgegaan vir die eerste variant van "Impasse" (vergelyk Komrij, 1998: 256-258), vanweë die mineur-toonaard van die vers, asook die skynbare uitsigloosheid, ontreddeing, gefnuiktheid en selfs nihilisme. Nijhoff se

ope brief aan Huizinga (Nijhoff, 2001: 265-266) en sy besinnings oor die poësie in byvoorbeeld sy “Over eigen werk” (Nijhoff, 1982: 1150-1174) moes uiteraard ook ’n groot rol gespeel het in die kanoniserings van die gedigte, veral “Impasse”, wat volgens Komrij (1998: 256) onder die toptien van mees geliefde Nederlandse gedigte tel. Ook in die Afrikaanse letterkunde is die gedig bekend en geliefd.<sup>6</sup>

### 3. Afrikaanse herskrywings

Die drie Afrikaanse herskrywings van “Impasse” waarvan ek kennis dra, is dié van T.T. Cloete (1982), Merwe Scholtz (1986) en Daniel Hugo (2002). Al drie die Afrikaanse herskrywings is deur akademici geskryf en twee van hulle het in akademiese konteks oor die Nijhoff-sonnet (en/of die herskrywings daarvan) geskryf.

#### 3.1 T.T. Cloete se “Impasse”

Die oudste herskrywing wat ek kon vind, is die akademikus en digter T.T. Cloete (1924–) se herskrywing van Nijhoff se gedig, byna vyftig jaar nadat “Impasse” in 1935 verskyn het:

##### **Impasse – T.T. Cloete**

– ik weet het niet?

Ons staan in die kombuis, ’n vrou en ek.  
 “Waaroor, Kokkie, wil jy dat ek moet skryf,  
 Voorsitster van die Reg van Vrou en Wyf,  
 kom sê so ongeveer in die bestek

van veertien verse, slim Doktor Ciclopia,  
 kom sê wat wil jy hê?” “’n Strak sonnet,  
 metries, vol leestekens, en ek belet  
 dat jy swaar woorde kies, skryf dom, ek vra

dat jy my nié moet irriteer nie – vir my  
 ook géén Latyn nie, net wat moeiteloos  
 kan lees terwyl ek afval voorberei.

Streel my, maak my plesierig, my ou bielie,  
 en geen erns, net teer emosies soos  
 ’n veer wat prettig oppervlakkig kielie.”

*Jukstaposisie* (1982)

Omdat Cloete se gedig al indringend bespreek is, in die besonder deur Merwe Scholtz (1984: 108-116) en Tom Gouws (1988: 343-370), vestig ek net die aandag op enkele tersaaklike aspekte.

Die slotwoorde van Nijhoff se “Impasse” word as motto aangewend in Cloete se herskrywing, maar nou met ’n vraagteken, wat die aandag trek. Wat vorm betref, is die Afrikaanse variant ook ’n petrarciese sonnet (soos Nijhoff s’n), waarin informele spreektaal aangewend word. Die atmosfeer verskil egter geheel en al van die ernstige sfeer in Nijhoff se vers. Ook die personasies toon weinig of geen ooreenkomst met hul Nederlandse voorsate. Cloete se herskrywing is geen verleë “belydenis” van ’n spreker-digter oor ’n “writer’s block” of ’n versoek om nuwe onderwerpe nie. Die houding en toon van hierdie spreker is ook nie beskamend of apologeties nie – intendeel, dit is ’n klaarblyklik selfversekerde man wat sy gespreksgenoot uitdaag, waarskynlik in reaksie op die mening of ’n opmerking van die vrou (vergelyk die beklemtoonde “wil” in die tweede reël). Die “ons” van wie daar sprake is, is nie “sy en ek” (“zij en ik”) nie, ook nie “my vrou en ek” nie, maar “’n vrou en ek” – ’n volgorde wat verskil van die konvensionele vooraanplasing van die “ek” in Afrikaans. Die formulering suggereer dat dit nie die spreker se eggenoot of liefdesgenoot is nie, maar ’n ongespesifiseerde vrou wat in geen duidelike verhouding met hom staan nie; daar wil selfs iets van ’n gespannenheid tussen die twee karakters deurslaan. Die ek-spreker stel sy vraag reeds in die tweede reël van die gedig, nie eers aan die einde van die tweede kwatryn nie. Die vraag word pront gestel, sonder ’n gewroeg oor die sielkundig korrekte oomblik (“het onbewaakte ogenblik”) – die selfvoldane en provokerende spreker val as ’t ware met die deur in die huis (kombuis).

Die onbekende vrou word op drie maniere aangespreek. Die benoeming “Kokkie” is nie noodwendig ’n erkenning van haar besondere kulinêre vermoëns nie, maar eerder ’n honende verkleineringsdaad daarvan. Dat sy ’n gedig verlang wat sy “moeitevol” kan lees terwyl sy afval voorberei, ironiseer en relativeer boonop haar kookvermoëns: Afval is ’n eenvoudige, tradisionele gereg wat nie meer algemeen in gewone huishoudings voorberei word nie, maar waarskynlik deur die vrou as delikatesse aan haar gaste voorgesit word – dit nadat die kok of die koksmaat die onwelriekende geur van die pensmis by die skoonmakery van die afval getrotseer het (teenoor die geur van die koffie in die hipoteks). Klankmatig herinner “kokkie” minder vleidend aan die Engelse “cocky”, wat parmantig, astant, verwaand, hanerig, eiewys of selfingenome kan beteken.

Die tweede aanspreekvorm, “Voorsitster van die Reg van Vrou en Wyf”, hoef nie betrekking te hê op die vrou se voorsitterskap van een of ander groep wat hulle vir die regte van vroue en eggenotes beywer nie, maar het duidelik satiriese ondertone (ook aangewakker deur die nou minder algemeen gebruikte vroulike vorm “Voorsitster” (my kursivering)). Deur die pejoratiewe woordgebruik “Wyf” kan daar selfs sprake wees van ’n minagtende houding by die man. Die ek-spreker keur duidelik nie Kokkie se feministiese bedrywighede goed nie.

Die derde aanspreekvorm, “slim Doktor Ciclopia”, kan suggereer dat die vrou ’n doktorsgraad het (haar eintlike “bedryf”), maar funksioneer terselfdertyd duidelik sarkasties: Die vrou se “eenogigheid” dui – volgens die man se perspektief – op ’n beperkte en eiesinnige visie, terwyl haar veglustigheid saamhang met haar toetrede tot ’n domein wat in die Griekse mitologie vir manlike gode gereserveer was.<sup>7</sup>

Die ek-spreker vra eerstens waarom Kokkie wil hê hy moet skryf (kwatryn 1), dit wil sê oor watter onderwerpe, en daarna wat sy wil hê (kwatryn 2) – ’n meer algemene, allesomvattende vraag. Die vrou se uitgebreide antwoord handel egter nie oor inhoudelike sake nie, maar hoofsaaklik oor die wyse van skryf, oor generiese en vormlike aspekte. Die bondige vraag van “Impasse”, “waarover wil je dat ik schrijf?”, word hier deur onderbrekings uitgebrei tot sowat vyf reëls – ’n aanduiding van ’n breedsprakige spreker. Die onderbrekings behels die name waarmee die vrou aangespreek word, ’n riglyn ten opsigte van die lengte van die antwoord, asook ’n klaarblyklik gewysigde herhaling van die eerste vraag, maar nou met ’n klemteken, waaruit irritasie blyk: “kom sê wat wil jy hê?” Die vrou word dus nie skroomvallig benader om te sê wat die ek-spreker moet skryf nie, maar om haar sê te sê (vergelyk die herhaling van “kom sê” in die reëlbeginposisie) – en dit binne die generiese beperkinge van ’n sonnet.

Die vrou se antwoord kom onmiddellik en sonder huiwering. Dit is pertinent gerig op die ek-spreker: Sy “belet” hom, sy “vra hom” en skryf vir hom voor wat en hoe hy moet skryf. In geen onbesliste terme nie gee sy haar voorkeure en voorwaardes weer. Anders as die vrou in “Impasse”, wat in ’n skrale vier woorde haar antwoord gee, beslaan die antwoord van die vrou in Cloete se gedig byna nege versreëls. Sy eis ’n tradisioneel opgeboude sonnet met ’n sterk metrum, voldoende interpunksie en eenvoudige woordgebruik – alles om die leesproses te vergemaklik. Sy vra onomwonde om nie geïrriteer te word met allerlei vreemde en vreemdtaalige woorde nie, maar verlang aangename en toeganklike gedigte wat sy so tussen die kosmakery deur kan lees. In die laaste tersine versoek die vrou om liggies gestreel en vermaak te word deur gedigte sonder diepgaande erns, maar met sagte, gevoelige, delikate emosies wat haar sal behaag. Daar is ook moontlik selfs suggesties van seksuele ondertone in die slot.

Uit haar woordgebruik blyk duidelik dat die vrou ’n sekere kennis van literêre terme (en teorieë?) het. Miskien het sy selfs ’n agtergrond in die letterkunde. Haar voorkeur gaan uit na ’n toeganklike, vormvaste, klankryke soort vers, wat die sinne streel, geen uitdagings aan die intellek stel nie (waardeer haar doktorsgraad geïroniseer word) en wat vir haar genot verskaf terwyl sy met ander take besig is. Hiermee word die taakverdeling in die oorspronklike vers, naamlik dié tussen man en vrou (die bedrywe/bedrywighede van skryf versus kosmaak) geïroniseer. Sy kan tegelykertyd haar “vroulike take of roeping” vervul en haar met die digterlike besighou. Geen diepgang of verwickeldhede word verlang nie, maar verstaanbaarheid. Poësieles is vir haar nie ’n selfstandige heuristiese aktiwiteit wat toegewyde medewerking van haar kant vereis nie, maar ’n vrolike aanvulling by haar afval-voorbereiding.

Cloete se postmodernistiese gedig handel nie slegs oor 'n gesprek tussen twee nuwe personasies binne 'n Suid-Afrikaanse konteks nie, maar dit tree ook in gesprek met Nijhoff se gedig as modernistiese vers. Terselfdertyd funksioneer dit as 'n parodiëring van 'n ander teks, naamlik 'n resensie deur Cecile Cilliers (dr. Ciclopia!) oor Cloete se debuut, *Angelliera*, wat in 1981 in *Die Transvaler* verskyn het, met as titel “Poëtiese plesierigheid uit Potchefstroom” (Cilliers, 1981). In 'n lesing getitel “Die dromende denke van die digter” by die SAVAL-kongres in 1984 vertel Cloete (1984: 12-13) dat hy die gedig geskryf het toe hy die beeld gehad het van 'n “beterweterige kritika, wat te min gewees het om [hom] reg te lees”.<sup>8</sup> Sy parodie kan gevolglik as 'n vorm van kritiek beskou word: poësie as kritiek. Dentith (2000: 33) toon aan dat parodieë dikwels 'n normatiewe kritiese funksie dien, deur die absurditeit van bepaalde poëtiese modes of praktyke aan te toon. Cloete se parodie funksioneer op hierdie wyse.

Enkele jare nadat Cloete se herskrywing gepubliseer is, verskyn daar 'n kort bespreking deur hom van Nijhoff se “Impasse” in J. van der Elst (hoofred.) se *Momente in die Nederlandse letterkunde* (1988). Ter inleiding situeer Cloete (1988: 461) vir Nijhoff binne die modernisme, wat sowel sy gedigte as teoretisering betref. Hy wys die volgende sake uit: 'n aangetrokkenheid tot die gewone werklikheid en lewe, weg van die 19de-eeuse “ontvlugtingsromantiek en individualisme”; 'n waardering van die alledaagse taal; 'n ontpersoonliking van die poësie; 'n waardering van die kollektiwiteit; 'n afwys van die belydenisliriek van die Tagtigers; en 'n bevraagtekening van die onderskeid tussen vorm en inhoud, aangesien vorm self inhoud is. Cloete (1988: 461) meen dat Nijhoff se “Impasse” volkome inpas by sy [Nijhoff se] poësiëorie. Dit lyk selfs vir hom (Cloete, 488: 464) asof die gedig deur Nijhoff (1982: 1150-1174) geïnterpreteer is in “Over eigen werk”. Hy sluit sy bespreking af met die opmerking dat poësie voortkom uit vraagstelling, nie uit 'n selfversekerde houding van vooraf uitgewerkte kommunikasie nie, maar uit 'n “nie-wetende weet” (Cloete, 1988: 465 en 466).

Hierdie “nie-wetende weet” demonstreer die dubbelgekodeerdheid van Cloete se herskrywing: Enersyds is daar 'n selfversekerde spreker-digter aan die woord wat Kokkie se voorkeure belaglik maak, dit ironiseer en dit satiriseer, maar andersyds is daar tog blyke van nadenke oor die eie digterlike praktyk; miskien ook selfironisering, of, soos wat Gouws (1988: 358) dit stel: “Cloete se teks ‘debunk’ die digter keer op keer.” Deur intertekste kan 'n nuwe verbintenis met ou tekste geskep word, wat Hambidge (2005) beskou as 'n “hipnotiese staat”. Sy verduidelik: “Die digter word deur 'n ander digter gehipnotiseer sodat sy ware aard paradoksaal juis in hierdie gehipnotiseerde staat na vore kom.” Cloete word egter nie in hierdie “hipnotiese staat” verlam nie, maar so betower dat hy iets totaal anders skep. In wie se belang vind die parodiëring plaas?, is een van Dentith (2000: 188) se vrae. Het Cloete se parodie slegs betrekking op sy onderonsie met Cecile Cilliers? Kennelik nie. Cloete se metapoëtiese gedig bied 'n stellingname ten gunste van 'n nuwe estetiese tradisie, waarvolgens die “heilige woorde” van die literêre voorganger uitgedaag word. Gedagtig aan Cloete se situering van Nijhoff binne die modernisme, is

die afleiding dat sy eie gedig binne 'n postmodernistiese, spesifiek dekonstruktivistiese, raamwerk benader behoort te word – wat Phiddian (1995) se teoretisering oproep (vergelyk Dentith, 2000: 16). Hier ter sake is ook Linda Hutcheon (2000: 5-6) se siening oor die dubbelgekodeerdheid van die postmodernistiese parodieë: Hulle huldig nie slegs die voorganger- of hipotekste nie, maar ondermyn dit ook.

Op Dentith (2000: 188) se vraag oor die mate van geestigheid, vernuf en energie waarmee die herskrywing geskied, kan sterk positief geantwoord word. Soos die meeste teoretici wat oor die parodie skryf, maak Dentith (2000: 22-24, 52-54, 93-94) ook gebruik van Mikhail Bakhtin se karnavalliseringsteorie, wat betrekking het op die Laat Middeleeue en die vroeë moderne tydperk. Hoewel Bakhtin se teorie veralgemeen kan word om gemeenskappe van ander historiese tydvakke mee te beskryf, waarsku Dentith (2000: 187) dat die historiese spesifiekheid van Bakhtin se voorbeeld uit die oog verloor kan word. Bakhtin se projek beskryf 'n spesifieke kulturele dinamiek van 'n gemeenskap wat in 'n oorgangsfase verkeer: Rabelais se paradiese energie is gerig op spesifieke outoritere teikens. Daar kan dus nie by voorbaat besluit word oor die kulturele politieke potensiaal van 'n parodie nie, beweer Dentith (2000: 188), maar daar moet gevra word wat geparodieer word, uit watter perspektief en in watter konteks. Wanneer hieroor nagedink word, is die implikasie dat ons nie hoef te kies tussen Nijhoff en Cloete nie, ook nie tussen modernisme en postmodernisme nie.

### 3.2 Merwe Scholtz se “Impasse”

Vier jaar na Cloete se herskrywing verskyn dié van die akademikus en digter Merwe Scholtz (1924-2004), wat na inhoud en vorm sterk van die hipoteks verskil. Waar dit in die Nijhoff-variante onderliggend ook om 'n verhoudingsimpasse gaan, skeep Scholtz se gedig die indruk dat dit slegs om 'n relasie- of intimiteitsprobleem handel:

#### **Impasse – Merwe Scholtz**

Ons sit in die slaapkamer, sy en ek,  
en omdat ek al dae lank wag op die vraag,  
dag ek: sal ek dalk.

Terwyl sy hare kam, die brouers git,  
haar dye bo swart nylons blakend wit,  
dag ek: vra haar vandag.

En toe begin die voordeurklokkie bel:  
die groenteman of so 'n hel.  
Ek staan toe op, trek my broekie aan

en dag: nader kon dit waaragtig nie,  
 nooit lyk sy weer so pragtag nie,  
 en koop 'n kas papajas vir die hel.

*Mantessa (1986)*

Teenoor die situering in die kombuis as “openbare” of gemeenskaplike ruimte in die Nijhoff-tekste (met as simboliese betekenis die plek van transformasie), is die ruimte in Scholtz se gedig die private ruimte van die slaapkamer. Die personasies staan nie teenoor mekaar in 'n afstandelike houding nie, maar albei sit skynbaar ontspanne, miskien op die bed (of die vrou op 'n bankie voor haar spieëltafel). Net soos in die Nijhoff-variante en in die meeste van die herskrywings is die eerstepersoonsvoornaamwoord in die tweede posisie, wat vreemd is aan Afrikaans: “sy en ek”. Dit blyk egter spoedig dat die ongespesifiseerde “sy” die kamer- of bedmaat van die manlike spreker is. Teenoor die ernstige, selfs gewyde atmosfeer in die bron- of hipotekste – Scholtz (1984: 113) verwys na die “sakrale sfeer” in die eerste variant – is die toon van Scholtz se gedig speels en eroties gelaai. Die vrou word nie voorgestel as 'n huisvrou wat besig is met haar dagtake nie, of as 'n verhewe wese nie, maar as 'n begeerlike vrou wat besig is met haar oggendtoilet. Met opvallende genoegdoening hou die spreker haar mooimaak-“bedrijf” dop. Sy bewonderende blik beweeg afwaarts vanaf haar hare na haar wenkbroue,<sup>9</sup> na haar dye en bene. Is sy bewus van sy voyeuristiese blik op haar? Tree sy doelbewus uitlokkend op?

Hoewel die gedig skynbaar lighartig is en die erns van die situasie onderspeel word, is daar by die spreker ook 'n gespanne afwagting. Maar anders as in die hipotekste, wag die spreker hier nie (net) op die onbewaakte oomblik nie: Hy wag op die vraag self (strofe 1). Al word die vraag nooit gestel nie, word sy vertwyfeling en huiwering in die vorm van 'n vraag geopenbaar, sonder vraagteken: “dag ek: sal ek dalk”. Wanneer die spreker die vrou sien waar sy besig is om haar te tooi, dink hy egter nie dat hy die vae of ongeformuleerde vraag dadelik moet stel nie, maar een of ander tyd in die nabye toekoms: “dag ek: vra haar vandag”. Sy voorneme bly egter in die lug hang, aangesien die voordeurklokkie die sensitiewe en gelade oomblik onderbreek. Waar die vrou by Nijhoff as gevolg van die fluit van die fluitketel die kans kry om 'n antwoord te bedink, bring die skril gelui van die deurklokkie die man so van stryk dat hy nie sy vraag kan vra nie. Met die ruimte van die slaapkamer in gedagte, sou die vraag waarskynlik met die intieme of die seksuele te doen hê.

Sowat die helfte van die gedig word bestee aan die reaksie van die ek-spreker op die voordeurklokkie. Die bestempeling van die onbekende persoon wat aanbel as “die groenteman of so 'n hel” is 'n aanduiding van sy wrewelrigheid. Dat die spreker homself skynbaar nie so ernstig opneem nie, blyk uit die humoristiese voorstelling van hoe hy sy “broekie” (onderbroek?) aantrek. Die handeling van na die voordeur stap word onderbreek deur sy gedagtes oor die voorafgaande oomblikke, waarby die “dag ek”-konstruksie gewysig word tot “en dag”, steeds in die prominente

reëlbeginposisie. Die speelse rym van “waaragtig” en die vervormde “pragtag” beklemtoon sy oorrumpeling deur die vrou se skoonheid, maar bevestig terselfdertyd sy digterlike onbeholpenheid en ondermyn ook die ernstige selfbewustheid van die modernistiese skrywers.

Die platvloerse gebruik van “hel” in dubbele rymposisies dra verder by tot die selfironisering. Dat die man op spandabelrige en selfs vermakerige wyse ’n hele kas papajas koop “vir die hel”, gee sy gefnuikte verwagtinge weer – vergelyk die verafrikaansing van die Engelse uitdrukking “just for the hell of it” (net vir die aardigheid, sommer net vir die grap – terwyl dit eintlik geen grap is nie). Die rojale aankoop kan sy seksuele behoeftes suggereer – vrugte soos die papaja is immers bekende simbole van die seksuele (spesifiek die vroulike), aardse begeertes, die liefde en beskerming (Cirlot, 1982: 115 en <http://www.photovault.com/Link/Food/PlantsHerbs-Symbolism.html>).

Soos wat die leser in die duister is oor wat na die vrou se antwoord buite die vertelde tyd van die Nijhoff-variante gebeur, kan die leser nou ook wonder: Wat gaan die vrou se reaksie wees op hierdie oordadige aankopery?

Hoewel Scholtz se “Impasse” lighartig voorkom en waarskynlik aan die verwagtinge van Cloete se Kokkie voldoen, is die gedig nie bloot ’n literêre grappie nie. Waar dit in Nijhoff se 1935-variant eerstens om kreatiewe frustrasie handel met ’n onderliggende verhoudingsproble matiek, gaan dit hier om ’n seksuele frustrasie met ’n verbloemde digterskapsproblematiek. Met inagneming van die agtergrond van die digterlike impasse by Nijhoff, sou verder geredeneer kon word dat daar tog ’n sluimerende metapoëtiese element in Scholtz se gedig is: “Wat dink my geliefde van my digwerk? Waaroor wil sy dat ek skryf? Verskaf ek aan haar genoeg plesier?”

Anders as die selfversekerde, hovaardige man in die Cloete-herskrywing is hier ’n subjek wat aan homself twyfel, maar nie so ’n gespanne figuur soos by Nijhoff nie; eerder ’n ietwat verspote persoon. Sy buitensporige optrede van die aankoop van ’n hele kas papajas is ’n gebaar wat kwalik sy gebrek aan selfvertroue verbloem. Teenoor die weifelende houding van die man in die inset gee die twee slotstrofes blyke van ’n verskeidenheid emosies: Naas die bewondering van die vrou ervaar hy gevoelens van irritasie, frustrasie, gefnuiktheid en teleurstelling, wat uit sy binnepraat en vertonerige optrede blyk. Die toon van die gedig is egter nie een van selfbejammering en selfvertroeteling nie, maar van selfironisering.

Scholtz se parodie is voorafgegaan deur ’n essay wat hy geskryf het vir die huldigingsbundel *In teen die groot vergeet*, wat verskyn het by geleentheid van Cloete se sestigste verjaardag op 31 Mei 1984 (Viljoen, Gräbe, Jooste *et al.*, 1984). In sy bespreking wys Scholtz (1984: 108-116) op die onderliggende erotiese aspekte in Cloete se herskrywing. Dit bou hy dan uit tot sy eie seksueel gelaaide gedig, wat die vraag na poëtiese onderwerpe banaliseer en die hoë en die lae jukstaponeer. Die gedig dien as goeie voorbeeld van Bakhtin se konsep van karnavallisering: daardie kulturele en literêre praktyke wat gebruik maak van die energie van populêre feeste ten einde die diskoerse van mag en outoriteit

te relatiewe of selfs omver te werp (Dentith, 2000: 190). In hierdie geval waarskynlik die tradisionele diskoerse van manlikheid.

Scholtz se gedig reageer ironies en speels op dié van Nijhoff, eerder as honend en verkleinerend (vergelyk Hutcheon, 2000: 5-6). Ook in Cloete se “Impasse” word die hipoteks nie geringeskat of bespot nie, maar word die modernistiese grondslae daarvan wel implisiet geïnterproblematiseer.

### 3.3 Daniel Hugo se “Die digter en sy bruid”

Die digter, vertaler, akademikus en radio-omroeper Daniel Hugo (1955–) se gedig dateer uit 2002 en het die datum 10 Maart 2001 onderaan – ’n verwysing na sy huweliksdag:

#### **Die digter en sy bruid – Daniel Hugo**

(na Martinus Nijhoff)

Ons-twee staan in die kombuis: ek en sy.  
 Ek dink al dae lank: vra dit vandag.  
 Maar omdat ek tog skaam is vir die vraag  
 moet ek vir die geskikte oomblik wag.

En nou, hier waar sy die borde blinkvryf,  
 het ek die beste kans om dit te waag.  
 (So sal ek ’n spontane antwoord kry.)  
 Ek vra: Waaroor wil jy dat ek skryf?

Presies toe gee die fluitketel ’n sein  
 – ’n vertrekkende trein wat skielik stoom –  
 sodat sy gesluit in damp verdwyn.

Dan antwoord sy, terwyl sy byna loom  
 die water plegtig op die koffie giet  
 en die geur om ons spreit: ’n bruilofslied.

10 Maart 2001

*Die twaalfde letter* (2002)

Hoewel Hugo na my wete nie in akademiese konteks oor die Nijhoff-variante of die herskrywings daarvan geskryf het nie, was hy wel deeglik bewus van sy twee voorgangers se deelname aan die intertekstuele gesprek. In 2010 is die Nederlandse digter Chrétien Breukers se “Impasse” onderaan ’n redaksionele artikel deur Louis Esterhuizen op die *Versindaba*-webblad geplaas. Hierop het Daniel Hugo gereageer deur sowel die twee

Nijhoff-variante as die drie Afrikaanse tekste aan Esterhuizen te besorg vir plasing op die webblad (sien Esterhuizen, 2010).

Hugo se gedig is in wese 'n vertaling, waarin die twee variante gekombineer word, op 'n wyse wat herinner aan die saamgooi en saammeng van bestanddele of fragmente soos by die pastiche (Rose, 1993: 73 en verder).<sup>10</sup> Van 'n digterlike of 'n verhoudingsimpasse is hier geen sprake nie – vandaar ook die gewysigde titel: “Die digter en sy bruid”. Omdat dit om pasgetroudes gaan, vra die bruid nie om 'n nuwe bruiwiel nie, maar bloot om 'n bruiwiel. Hoewel geredeneer sou kon word dat Hugo se herskrywing geen egte parodie is nie, sou dit wel as sodanig beskou kon word volgens Rose (1979: 59 en verder, en 1993: 91 en verder) se omskrywing, wat klem lê op die metafiksionele aard van sodanige tekste en die rol van die leser daarvan. Ook volgens Dentith (2000: 9) se inklusiewe definisie sou dit as parodie beskou kon word.

Hugo se gedig verklar bepaalde poëtikale ingesteldhede. Ek het reeds op die verandering in die titel gewys. Die gehakiede subtitel trek ook die aandag: “na Martinus Nijhoff”. Sou die digter meen dat sy lesers nie die oorpronklike teks ken nie? Dat daar 'n afstand ontstaan het tussen die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes wat verklaring noodsaak? Is dit 'n toewyding aan Kokkie se versoek?

Verder is dit opvallend dat Hugo, anders as sy twee voorganger-herskrywers, ook van die tweede variant gebruik maak. Vanwaar hierdie herwaardering? Sou hy dit gedoen het na aanleiding van Gerrit Komrij se bespreking van die variante in sy *In liefde bloeyende* uit 1998<sup>11</sup>?

In 'n teendraadse redenasie betoog Komrij (1998: 258) dat die tweede variant “buiten kijf de meest coherente en gave” is. Ons het nog altyd die klemtoon verkeerd gelê en die woord “bruiwiel” te veel in die hoogte gelig, meen hy; die nadruk behoort op “nuwe” te lê. Dit is wat die vrou eintlik sê: “Probeer tog weer. Maak 'n nuwe, 'n tweede, bruiwiel vir *ons*. Van die vorige een van jou het daar nie veel gekom nie.” So gelees, bied die gedig 'n suggestie van wanhoop. Dis die taal van mislukking – “en helemaal dus niet zo etisch en psalmzingend”, meen Komrij (1998: 258). Hy sluit af:

De tobende kunstenaar verdwijnt achter de verslofte, impotente huisvader, wat ook geen verheven aanblik biedt.

En zeker niet minder modern is.

Heb ik niet mooi een gedicht gered?

In wie se belang vind die parodiëring plaas?, vra Dentith (2000: 188). Teen die agtergrond van bogaande interpretasie sou beweer kon word dat Hugo Nijhoff se “bruiwiel”-variant in ere wou herstel. Miskien suggereer sy gedig egter nie slegs 'n herwaardering van Nijhoff nie, maar ook 'n voorkeur vir die dikwels aweregse poëtikale opvattinge van Komrij.

#### 4. Slot

Jason is die karakter wat taal die meeste manipuleer, deurdat hy sy taalgebruik aanpas by die konteks om sodoende die aangesprokene se guns te wen. In Kolchis praat hy 'n meer formele variant as tussen die Argonoute, maar sy taalgebruik spreek steeds van 'n alledaagse styl. Hy vra byvoorbeeld aan Aietes: “Één guns wil ek egter vra. Spaar seblief my makkers as ek dalk misluk.” (2002: 20). Wanneer hy in die teenwoordigheid van Idas en Telamon is, neem hy hulle onderskeie taalgebruik aan deur byvoorbeeld kru taal en Engelse woorde te gebruik, soos gesien kan word in die volgende aanhalings:

“Haar suster het my hier ingechat.” (2002: 33); “Dié mense is nog steeds mentally verder van ons af as al die kilometers wat ons afgelê het.” (2002: 33-34); en “Goeie fok.” (2002: 53). In Griekeland begin hy toenemend kru taal teenoor Medea gebruik. Hierdie gegewe, soos Idas se gekruide taal, word nie so sterk teruggevind in Lanoye se weergawe nie. 'n Rede hiervoor is deur Krog gegee in 'n onderhoud oor die

vloekwoorde wat sy in *Mamma Medea* gebruik, naamlik dat die algemene taalgebruik volgens haar so verskraal het in Afrikaans dat “ons ons móét wend tot kragwoorde om onself emosioneel uit te druk” (Walters, s.a.).

Die huiswerkster van Medea en Jason in Kolchis gebruik op haar beurt ’n Namakwalandse dialek, maar dit kan nie soseer gesien word as ’n taalvariant gekoppel aan die werkersklas nie, aangesien Melas ook soms van dié dialek gebruik maak en ’n ander werker, die gym-instrukteur, weer ’n dialeklose Afrikaans praat, ofskoon in ’n gemeensame styl. Dit is ’n duidelike voorbeeld van hoe Krog die politieke spanninge in haar teks “omseil” deur dialekte as ’t ware “vry” te maak van ras en sosiale assosiasies. Deurdat sy die dialekte op gelyke vlak plaas, daag sy ook reële taalhoudings rakende Afrikaans uit.

Prinses Kreousa van Korinthe, wat 20 jaar jonger as haar beminde Jason is, maak soortgelyk gebruik van ’n taalvariant wat met ’n jonger generasie geassosieer word, naamlik tienertaal of Engafrikaans. Sy gebruik geekte Engelse uitdrukkings soos “[j]ust bear me out” (2002: 84); “[c]ool it” (2002: 86); en “[o]ver my dead body” (2002: 90); asook Engelse woorde wat gewoonlik by jong mense gehoor word weens die invloed van die Engelse media: *actually, imagine, genuine, amazing* (2002: 84), *obvious, offend* (2002: 85), *[e]xactly* (2002: 86) en *boyfriend* (2002: 87). Sy wend ook Afrikaanse kragwoorde aan om haar emosies uit te druk – sy en Jason het byvoorbeeld ’n “moerse connection” (2002: 84). Wanneer sy haar vererg vir Medea sê sy: “Jissis, weet jy [...]. Ek het

’n onvoorspelbare bitch ver wag, [maar kry] ’n [t]ranerige afgeleefde ou viswyf ” (2002: 90), en vind dit “[b]lêddie onverantwoordelik” (2002: 90) dat Medea toesig het oor haar kinders.

Krog bereik na ons mening die doelwit wat sy noem in die voorwoord by *Mamma Medea*, om aan die teikenlesers ’n konsep te gee waarmee hulle kan identifiseer ten einde die boodskap van die bronteks effektief oor te dra, deur die vervanging van sowel realia as kultuurspesifieke elemente. ’n Voorbeeld van laasgenoemde is die vertaling van *dijkbreuk* (Lanoye, 2001: 22) met *damvalbreuk* (2002: 25). Die motivering hiervoor is waarskynlik dat Suid-Afrikaners wel die begrip *dyk* mag ken, maar dit word selde hier aangetref, anders as die bekende begrip *damval*. Soortgelyk hanteer Krog die vertaling van *polderknol* (Lanoye, 2001: 54) as ’n *duineknoel* (2002: 53), en in aansluiting by Suid-Afrika se hoë vigssyfer word *teringsplek* (Lanoye, 2001: 82) effektief as *aidsnes* (2002: 80) vertaal.

Die ruimte ondergaan ook ’n verandering in die vertaling van Krog, in aansluiting by die konstruksie van kulturele identiteit. Wanneer Jason aan Medea verduidelik hoe Griekeland lyk, beskryf hy byvoorbeeld ’n groot, oop gebied wat welvarend is weens die groot aantal koeie en water (Lanoye, 2001: 36):

Vergeleken met hier is het ontiegelijk groot. Weids. Met veel koeien en zo. En water. Heel veel water. Mooie, zware luchten [...]. En in het midden van die grote kom, die kom van land en water, daar liggen heel veel steden, dicht opeen.

Lanoye omvorm die oorwegend droë en sonnige Griekse landskap dus in sy drama tot 'n tipies Nederlandse landskap en verander in die proses die kulturele konteks ingrypend, waarteenoor Krog dit weer versuidafrikaans (sien ook Nieuwoudt, 2002: 13). Krog beskryf die landskap eerder as 'n besige stad vol tegnologies gevorderde mense, met helder ligte en min spasie (2002: 38). Opvallend is onder meer die sterker negatiewe toon (“vreeslike”) en die feit dat sy veel nouer aansluit by hedendaagse samelewingspersepsies as Lanoye:

Vol mense. Orals is geboue en strate en highways. Met baie karre en rook en so. En ligte... verkeersligte, en straatligte, en sulke... vreeslike neonligte... En billboards [...]. En so ver jou oog kan kyk is buurtes en stede en townships... nogal dig opmekaar gepak.

Krog gebruik meer anachronismes as Lanoye in haar teks, onder meer *jetlag* (2002: 33), *AK47* (2002: 34), *billboards*, *verkeersligte*, *neonligte* (2002: 38), en “kafeteria van die swemklub” (Lanoye, 2002: 75). Dit bou voort op Lanoye se taalmatige situering van die teks in 'n moderne konteks deur die gebruik van anachronismes soos 'n *sofa* (Lanoye, 2001: 32), 'n *sigaret* (Lanoye, 2001: 121) en die *rewolver* (Lanoye, 2001: 119) waarmee Medea en Jason elkeen 'n kind skiet. Die toevoeging van laasgenoemde item in die klimaks dien by Lanoye as 'n finale deurbreking van die werklikheidsillusie wat opgebou word dat die stuk in die Antieke tyd afspeel, en dwing as 't ware 'n interpretasie af binne 'n ruimer en moderne kader. In Krog se vertaling word die omkering sterker voorberei deur die anachronismes wat vroeër voorkom, maar die verrassingselement word moontlik daardeur ietwat verminder.

In Lanoye se *Mamma Medea* dien die reële taal- en kultuurspanning tussen die Vlaamse en Nederlandse kultuur verder as model vir die Grieke se minagting vir die Kolchiese leefstyl. Dié subtiele minagting, gegrond op reële kultuurverskynsels, kom nie slegs in die taalgebruik voor nie, maar vind ook inhoudelik neerslag. Wanneer Jason byvoorbeeld Kolchiese klere aantrek om Medea se guns te wen, spot Idas hom deur gebruik te maak van karnavalbeelde wat tiperend is van die Suid-Nederlandse Katolieke karnaval. Hy gebruik naamlik die karnavalgroet *Alaaf* (Lanoye, 2001: 31) en vra of 'n *feestneus* nie by die *bloemetjiesgordijn* pas nie (Lanoye, 2001: 32). Dié Suid-Nederlandse gegewens wat aansluit by die Vlaamse dialek van die Kolchiede is nog 'n manier om die superieure beeld wat die Grieke (Nederlanders) voorhou, te beklemtoon. Om die suggestie van agterlikheid te “vertaal” in 'n Afrikaanse konteks maak Krog hierteenoor op spottende wyse gebruik van die FAK-volksliedjie “Rokkies wil sy dra” (2002: 33) in Idas se verwysing na Jason se Kolchiese kleredrag. Die feestelike bybore *feestneus* en *bloemetjiesgordijn* wat pas by die kleredrag, word in Krog se vertaling as wapens soos 'n *assegai* en 'n *AK47* (2002: 34) aangedui, wat bydra tot die meer gewelddadige atmosfeer in die vertaling. Dit sluit aan by Sandor Hervey en Ian Higgins (1992: 248) se idee van *kompensasie* om die verlies wat vertaling kan inhou (volgens Venuti, 1995: 19) teen te werk. Venuti (1995: 19) voer in hierdie verband die volgende aan:

The violence wreaked by translation is partly inevitable, inherent in the translation process, partly potential, emerging at any point in the production and reception of the translated text, varying with specific cultural and social formations at different historical moments.

As oplossing teen dié verlies hou Hervey en Higgins (1992: 248) kompensasie voor, naamlik die tegniek waardeur belangrike kenmerke van die bronteks wat onvertaalbaar is, “teruggewen” word deur dieselfde effek in die doelteks na te streef. Hierdie tegniek word nie slegs teruggevind in die vertaling van realia nie, maar ook in die vertaling van idioome wat nie in Afrikaans teruggevind word nie. Hiermee skep Krog ’n ryker idioom, ten einde temas en boodskappe van die teks te versterk. Voorbeelde hiervan is onder meer die vertaling van *koek en ei* (Lanoye, 2001: 103). In Van Dale – *Groot woordenboek der Nederlandse taal* (1970) – word die betekenis van “het is koek en ei met hen” aangedui as “zij zijn dikke vrienden”, inderdaad ’n herhaling van die vroeëre woorde “dikke vriendjes” op dieselfde bladsy, maar Koenen en Endepols (1972) gee ook die betekenis aan as “ze waren het goed eens”, wat nader aan Krog se vertaling is. Krog vertaal dit ook as “beste maatjies”, maar voeg die woord *dooddollies* (2002: 97) hierby, wat betekenisverrykend is weens die voorspellende implikasies van en woordspel met die “dood”, wat die spanning verhoog.

Venuti (1995: 17-18) is van mening dat ’n bronteks verskillende semantiese moontlikhede inhou, waarvan een slegs tydelik verbind kan word met ’n vertaling. Hy argumenteer, soos vroeër genoem, dat vertaling geskied deur die vervanging van een reeks betekenaars met ’n ander op grond van interpretasies deur die vertaler. Die vertaler se kulturele agtergrond en aannames oor die bronkultuur, asook die sosiale situasie en die historiese tydperk waarbinne die vertaling geproduseer word, oefen dus ’n invloed uit op die doeltaaltekst. In John Kannemeyer (2003: 9) se resensie oor *Mamma Medea*, “Krog laat Medea prát”, prys hy Krog se vertaling in dié verband, aangesien hy vind dat haar interpreterende vertaling dimensies na vore bring wat nie in Lanoye se bronteks gevind word nie:

In Krog se vertaling het ’n sterk skeppende talent ’n ander sterk skeppende talent “ontmoet” en met hom in gesprek getree op ’n wyse waarop sy nuwe inhoud aan die begrip “kreatiewe vertaling” gee [...] [Dit is] ’n vertaling [wat] met die Afrikaanse taal in al sy verskeidendheid en fasette [...] virtuoos en geniaal omgaan [...].

’n Voorbeeld hiervan is, soos reeds genoem, die talle vloekwoorde wat Krog in haar vertaling byvoeg. Dit sluit aan by die aanwending van vloekwoorde in die res van haar oeuere. Krog benut dus nie slegs die dialekte en variante van Afrikaans om spanning te skep nie, maar beklemtoon ook die skokkende gewens van die verhaal deur die taal.

Vosloo (2007) kom tot die gevolgtrekking dat Antjie Krog se rol as vertaler beïnvloed word deur haar posisie as gekanoniseerde digter en beroemde skrywer. Dit hou verband met Bassnett en Lefevere se uitspraak oor vertalers en vertaling, na aanleiding van die polisisteamteorie (in Vosloo, 2007: 75):

A writer does not just write in a vacuum: he or she is the product of a particular culture, of a particular moment in time, and the writing reflects those factors such as race, gender, age, class, and birthplace as well as the stylistic, idiosyncratic features of the individual.

Krog se oeuvre getuig verder van sowel 'n sterk vroulike tradisie as van 'n bemoeienis met verskillende tale in die algemeen, soos in haar bundel *die sterre sê 'tsau'*, én met die rykdom van Afrikaans in die besonder. Vosloo (2007: 81-82) dui aan dat Krog se vertalingsprojekte te make het met magtige én magtelose tale, waar sy nie slegs die teks bemagtig deur die vertaling nie, maar ook die taal. In 'n onderhoud met Michelle McGrane (2006) sluit Krog aan by die stelling van Aldous Huxley (in Vosloo, 2007: 82):

Every individual is at once the beneficiary and the victim of the linguistic tradition into which he or she has been born. The beneficiary in as much as language gives access to the accumulated records of other people's experience, the victim in so far as it confirms him [or her] in the belief that reduced awareness is the only awareness.

Van Zyl Smit (2005: 62) is 'n soortgelyke mening toegedaan, maar sy gaan verder deur die gebruik van taalvariante in Krog se vertaling as 'n politieke daad te beskou. Vir Krog is vertaling inderdaad gewoonlik 'n politieke daad met bemagtigingswaarde, waarin sy die bewustelike rol van 'n kulturele mediator speel om 'n groter interaksie tussen verskillende Suid-Afrikaanse literêre sisteme te bevorder (Van Coller en Odendaal, 2007: 94). Die waarde van vertaling lê volgens Krog onder meer daarin dat verskillende taalgroepe beter toegang tot mekaar se tale verkry en mekaar sodoende beter kan verstaan, eerder as om mekaar te forseer om deur middel van 'n taal te kommunikeer wat slegs een perspektief daarstel. Sy sien graag dat mense meer akkommoderend is teenoor mekaar, eerder as om slegs toenadering te soek tot mense wat soos hulself klink (Krog *et al.*, 2009: 33). Dit sluit aan by Venuti (1995: 23) se idee dat 'n domestikeringsstrategie 'n kulturele politieke agenda kan inhou indien slegs een perspektief voorgehou word en die brontekskultuur sodoende uit die narratief gesluit word. Die onderskeie Afrikaanse variante wat Krog inspan, sluit egter juis hierdie gevaar van etnosentrisme uit, in aansluiting by die tema van kulturele verdraagsaamheid en aanvaarding wat *Mamma Medea* vooropstel (Van Coller en Odendaal, 2007: 113). Dit motiveer nogmaals Krog se besluit om verskillende variante van Afrikaans te gebruik in haar vertaling.

In *Mamma Medea* bou Lanoye verder voort op die feit dat Medea in hedendaagse terme meermale as 'n feministiese figuur voorgehou word, deur 'n sterk binêre opposisie rakende vroulikheid teenoor manlikheid in die narratief (Van Zyl Smit, 2002). In aansluiting by dit wat reeds na vore gekom het oor Krog se interpreterende rol as vertaler, kan subtiele verskille ook opgemerk word in die uitbeelding van vroulikheid in haar vertaling van die drama. Daardeur maak sy van Medea 'n sterker individu as in Lanoye se bronteks. Ten opsigte van die gedeelte in Lanoye se teks waar Medea se

suster Chalkiope haar daarvoor betig dat 'n vrou nie so met 'n man mag praat nie (in aansluiting by die klassieke opvattinge), wanneer sy die eerste keer in Jason se geselskap is, vertaal Krog dit byvoorbeeld seksloos met dat dit *onvanpas* (2002: 16) is om so met 'n vreemdeling te *klets* (2002: 16). Waar Melas en Frontis Medea se lof besing, vertaal Krog dit met die toevoeging dat sy nie slegs kragte het om die natuur en die natuurelemente haar wil te laat doen nie, maar dat sy ook 'n mag oor mans uitoefen (2002: 25):

Sy ken die djoematjie wat vuur en wind  
 En aarde, loepend water reg kan toor.  
 Sy kry dit reg dat vark of beer of stad  
 Of mans instructions wat sy gie, obey.

Hierdie subtiele verskille vind ook neerslag in Medea se keuse van kleredrag wanneer sy in Griekeland arriveer. In Lanoye se weergawe dra Medea Korinthise klere wat by die idee van assimilasië in 'n nuwe kultuur aansluit (Lanoye, 2001: 79). Ná die moord op Jason se aanstaande bruid, Kreousa, vervang sy haar kleredrag in Lanoye se weergawe egter met haar tradisionele Kolchiese drag om sodoende deur Jason raakgesien te word, soos sy ook herhaal: “Ik wil alleen maar dat ge mij graag ziet” (Lanoye, 2001: 115), die eerste keer met 'n punt, die tweede keer met 'n uitroepteken. Dit dui daarop dat dit vir Medea gaan oor haar verlies aan kulturele identiteit in Griekeland.

Hierteenoor behou Medea in Krog se vertaling (2002: 77) haar Kolchiese kleredrag in Griekeland. Dit wys dat sy nie eers uiterlik probeer om te assimileer in die Griekse gemeenskap nie, en haarself deurgaans van hulle wil onderskei. Ná die dood van Kreousa dra sy egter moderne Korinthise klere soos die jong Kreousa. In Krog se weergawe gaan dit dus nie soseer oor haar kulturele identiteit nie, maar daaroor dat Medea met haar keuses bevestig dat sy wil hê Jason moet van haar hou. Hier val die klem dus meer op vroulikheid en verleidelikheid (moontlik as 'n manipulasietegniek vir eie gewin) as op kulturele identiteit: “Ek wil alleen maar dat u van my hou” (2002: 108), wat ook herhaal word. Lanoye vestig dus die aandag sterker op Medea se behoefte om raakgesien te word vir wie sy werklik is, met inagneming van haar kulturele identiteit, terwyl dit in Krog se teks duidelik word dat sy na Jason se toegeneentheid hunker, maar dit ook wil uitbuit.

#### 4. Slot

Krog bereik na ons mening haar doelwit, genoem in die voorwoord by *Mamma Medea* (2002), om die doeltëks in 'n “nuwe soortgelyke, dog natuurlike konteks” om te skakel, deur nie slegs die kulturele konteks te versuïdafrikaans met die inagneming van die restante van die apartheïdsverlede en die multikulturele aard van Suid-Afrika nie, maar ook deur haar persoonlike stempel op die doeltëks af te druk. Laasgenoemde word bereik

in ooreenstemming met reeds bestaande temas in haar oeuure, soos haar bemoeienis met Afrikaans en haar fokus op vroulikheid.

Lanoye speel reeds in sy *Mamma Medea* pertinent in op moderne kwessies soos geweld in die huwelik, gelykstelling op gendervlak en konvensies oor wat as barbaars of beskaafd sou kon geld, en gebruik anachronismes soos die rewolwer as moordwapen teen die kinders ten einde die indruk te versterk dat die eietydse konteks as ruimer agtergrond dien waarteen die drama gelees behoort te word. Daardeur dui hy aan dat die Medea-gegewe steeds hoogs relevant is. Krog bou verder hierop voort deur onder andere meer anachronismes as Lanoye te gebruik, soos bespreek, maar lewer veral 'n groot bydrae tot die konstruksie van 'n tipies Suid-Afrikaanse konteks en kulturele identiteit deur multikulturalisme aan die orde te stel aan die hand van verskillende dialekte en variante van Afrikaans.

Wat interessant is, is Krog se besluit om verskillende dialekte (indien dan met dieselfde ritme) vir gesins- en groepslede soos die broers Melas en Frontis aan te wend. Dit kan demonstreer hoe multikultureel en divers die Afrikaanse taal selfs in gesinsverband kan funksioneer, maar die sintese van die twee dialekte dui ook daarop dat Krog eintlik op taalvlak dieselfde tipe strategie volg as wat Lanoye op gebeurevlak bewerkstellig met die verdeling van skuld ten opsigte van die kindermoord: om twee teenstrydige elemente as 't ware op dieselfde vlak te plaas, ten einde sodoende die verskille tussen hulle uit te wis en hulle gelykwaardig te maak. In die ondersoek is die afleiding aan die hand van Glissant (1997) se term *métissage* gemaak dat, buiten vir die gelykmaking van die variante as sodanig, 'n verdere kreatiewe sintese meegebring word deur die variantvermenging, naamlik dat essensialismes ondermyn en beperk word.

Binne die kader van 'n interkulturele vertaling dra Krog dus dieselfde sentrale boodskap as Lanoye oor, naamlik die gelykstelling van binariteit soos beskaafd/barbaars, manlik/vroulik, maar sy doen dit binne 'n konteks wat bekend is vir die doelteksleser. Soos die funksionalistiese teoretiese beskouing van Vermeer, Reiss en Nord (vergelyk Krog se voorwoord by *Mamma Medea*) uitwys, moet 'n vertaling geëvalueer word op grond daarvan of dit die *funksie* van die bronteks genoegsaam oordra in die kultuur waarin die doelteks geproduseer en gelees word. Na aanleiding van bogenoemde is dit duidelik dat dit wel die geval is by Krog se vertaling, wat die temas wat Lanoye aansny in sekere opsigte verder uitlig en versterk. Ook Lanoye het waardering betuig vir die veranderinge wat Krog aangebring het. Hy vind Krog se vertaling selfs so 'n voortreflike prestasie dat die drama volgens hom eintlik op grond daarvan hervertaal behoort te word uit Afrikaans in Nederlands (in Visagie, 2011).

In die proses demonstreer Antjie Krog nogmaals waarom sy met reg as een van die grootste skrywers in Afrikaans beskou kan word. As vertaler staan sy nie terug nie, maar druk 'n eie stempel op die vertaling van *Mamma Medea* af wat die ideëgoed in Lanoye se drama verder uitlig, versterk én aanvul.

## Bronnelys

- Apollonius van Rhodos.** *The Argonautica*. Vertaal met 'n inleiding deur E.V. Rieu. 1959. Harmondsworth: Penguin.
- Bosch, Barbara.** 2000. Ethnicity Markers in Afrikaans. *International Journal of the Sociology of Language*, 144(1): 51-68.
- Coetser, Johan.** 2006. Van millennium tot millennium: Afrikaanse drama en teater circa 1990 – circa 2003. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel*. Deel 3. Pretoria: Van Schaik: 149-189.
- Coetzee, Anna.** 2005. Dialekmerkers in die Afrikaanse literatuur. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(1): 35- 50.
- Ector, Jef.** 2001. Mamma Medea. *Leesidee*, 1 Oktober.
- Finchilescu, Gillian en Colin Tredoux.** 2010. The Changing Landscape of Intergroup Relations in South Africa. *Journal of Social Issues*, 66(2): 223-236.
- Glissant, Édouard.** 1997. *Poetics of Relation*. Vertaal deur Betsy Wing. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Gouws, Tom.** 1998. Antjie Krog (1952–). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel*. Deel 1. Pretoria: Van Schaik: 550-563.
- Griffiths, Emma.** 2006. *Medea*. Londen: Routledge.
- Grit, Diederik.** 2004. De vertaling van realia. In: Naaijken, Ton, Cees Koster, Henri Bloemen en Caroline Meijer (samest.). *Denken over vertalen: tekstboek vertaalwetenskap*. Nijmegen: Vantilt: 279-288.
- Hervey, Sandor en Ian Higgins.** 1992. *Thinking Translation: A Course in Translation Method, French- English*. New York: Routledge.
- Hough, Lucelle.** 2011. *Taal en kulturele identiteit in Mamma Medea van Tom Lanoye (2001) en Antjie Krog (2002)*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Joubert, Ina, Liesel Ebersöhn en Irma Eloff.** 2010. How Post-Apartheid Children Express their Identity as Citizens. *Childhood*, 17(3): 396-410.
- Kannemeyer, J.C.** 2003. Krog laat Medea praat. *Die Burger*, 24 Februarie: 9.
- Koenen, M.J. en J. Endepols.** 1972. *Verklarend handwoordenboek de Nederlandse taal*. Oplaag 8. Groningen: Wolters-Noordhof.
- Krog, Antjie, Rosalind C. Morris en Humphrey Tonkin.** 2009. Translation as Reconciliation: A Conversation about Politics, Translation, and Multilingualism in South Africa. In: Tonkin, Humphrey en Maria Esposito Frank (red.). *The Translator as Mediator of Cultures*. Amsterdam: John Benjamins: 17-35.
- Krog, Antjie.** 2006. Afrikaans en sy plek binne in die post-koloniale diskoers. *Symposium van de Stichting Koninklijke Paleis, Nederlands buitengaats; een taalreïnie, Amsterdam*, 19 Mei 2006. Amsterdam: Weekbladpers.
- Kuipers, Joel C.** 1998. *Language, Identity, and Marginality in Indonesia*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Labuschagne, Christelle en Jackie Naudé.** 2003. 'n Funksonalistiese benadering tot mediese vertaling in Suid-Afrika. *Acta Academica Supplementum*, 2003(2): 129-167.
- Lanoye, Tom.** 2001. *Mamma Medea*. Amsterdam: Prometheus.
- Lanoye, Tom.** 2002. *Mamma Medea*. Vertaal deur Antjie Krog. Kaapstad: Queillerie.
- Lanoye, Tom.** 2002. *Niemandland: Gedichten uit de Grootte Oorlog*. Amsterdam: Prometheus.
- Le Cordeur, Michael.** 2010. Bal die vuis vir Kaaps. *Die Burger*, 17 Maart: 13.
- Le Page, Robert Brock en Andrée Tabouret-Keller.** 1985. *Acts of Identity: Creole-Based Approaches to Language and Ethnicity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mellet, Patric Tariq.** 2010. *Lenses on Cape identities: Exploring Roots in South Africa*. Suid-Afrika: DIBANISA.
- Muysken, Pieter.** 2000. *Bilingual Speech: A Typology of Code-Mixing*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Nieuwoudt, Stephanie.** 2002. Vertaling is altyd 'n vorm van verraad, maar hou taal soepel. *Beeld*, 13 September: 13.
- Prometheus.** 2001. Boekrecensies: Uitgeverij Prometheus. <http://users.skynet.be/bib/prom-lanoye.htm> (geraadpleeg op 16 Junie 2011).
- Provoost, Frank.** 2005. Writing in a State of Siege: Assessing Afrikaans Literature. *Mare*, 7 April.
- Smolicz, Jerzy.** 1981. Core Values and Cultural Identity. *Ethnic and Racial Studies*, 4(1): 75-90.
- Van Coller, H.P. en B.J. Odendaal.** 2007. Antjie Krog's Role as Translator: A Case Study of Strategic Positioning in the Current South African Literary Poly-System. *Current Writing*, 19(2): 94-122.
- Van Dale Groot woordenboek der Nederlandse taal** (Van Dale). 1970. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Van den Broeck, Raymond.** 2004. Mogelijkheden en grenzen van het vertalend interpreteren. In: Naaijken, Ton, Cees Koster, Henri Bloemen en Caroline Meijer (samest.). *Denken over vertalen: tekstboek vertaalwetenschap*. Nijmegen: Vantilt: 175-190.
- Van Niekerk, Jacomien.** 2006. Twee digters op die podium: Performatiwiteit in die oeuvres van Antjie Krog en Tom Lanoye. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, (13)2: 99-112.
- Van Zyl Smit, Betine.** 2002. Medea the Feminist. *Acta Classica*, 45: 101-122.
- Van Zyl Smit, Betine.** 2005. Medea praat Afrikaans. *Literator*, 26(3): 45-64.
- Venuti, Lawrence.** 1995. *The Translator's Invisibility: A History of Translation*. Londen: Routledge.
- Visagie, Andries.** 2011. Writing the Medea Myth in a New Context: Tom Lanoye, Antjie Krog and *Mamma Medea*. Ongepubliseerde artikel. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Vosloo, Frances.** 2007. "Inhabiting" the Translator's Habitus: Antjie Krog as Translator. *Current Writing*, 19(2): 72-93.

- Vullings, Jeroen.** 2006. Het derde huwelijk. *Vrij Nederland*, 7 Oktober. <http://www.vn.nl/StandaardMedia-Pagina/Het-derde-huwelijk-Tom-Lan-oye.htm> (geraadpleeg op 25 Julie 2011).
- Walters, Coenraad.** S.a. Sweet Sixteen. *LitNet*. <http://www.oulitnet.co.za/filmfundi-/sweetsix.asp> (geraadpleeg op 18 Julie 2011).
- Willemse, Hein.** 2010. Kreolisering en identiteit in die musiekblyspel, "Ghoema". *Stilet*, 21(1): 30-42.
- Yifeng, Sun.** 2003. Translating Cultural Differences. *Perspectives*, 11(1): 25-36.

## Note

1. Hierdie artikel is gebaseer op Lucelle Hough se tesis vir die MA-graad, wat in 2011 met onderskeiding behaal is aan die Universiteit Stellenbosch, met as titel *Taal en kulturele identiteit in Mamma Medea van Tom Lanoye (2001) en Antjie Krog (2002)*. Die studieleier was prof. Dorothea van Zyl.

# Amsterdam “deur die vensters van fiksie”. Literêre verbondenheid en relasionele ruimte in *Die sneeuslaper* van Marlene van Niekerk

Adéle Nel

## *Amsterdam “through windows of fiction”. Literary connectedness and relational space in Die sneeuslaper by Marlene van Niekerk.*

*This article examines the connectedness with the Dutch literary system in Marlene van Niekerk’s short story anthology, Die sneeuslaper; a connectedness that manifests specifically in the complex interaction of spatial relations, with the emphasis on Amsterdam as narrative space. Amsterdam as the “mother city” (Van Niekerk, 2009:12) becomes the creative impulse as well as the poetic frame within which she presents her narrative in an idiosyncratic manner. Die sneeuslaper can also be read within the international approach/idea of thinking space relationally and the new mobilities paradigm. As the nomadic characters and the stories migrate and play in on one another one can talk about spatial migration as well as spatial relationality between Stellenbosch and Amsterdam. The relation city-subject also manifests itself par excellence in Die sneeuslaper in the topos of loss of identity and detachment; as well as the psychological topology of the characters. The change in identity and the disguise of homeless characters are simultaneously likened to a “precipice” – a precipice of insanity to which different characters are driven in various ways.*

## 1. Inleiding

Marlene van Niekerk se jongste teks, *Die sneeuslaper*, verskyn as idiosinkratiese antwoord op ’n eksplisiete vraag van die Universiteit van Utrecht: “welk bestaansrecht mogen we de literatuur toekennen, wat is de waarde ervan op het grote vlak van menselijke inspanningen?” (Windey, 2010). In die Nederlandse persverklaring word die teks gevolglik soos volg beskryf: “De verhalen, gesitueerd in Nederland en Zuid-Afrika, vormen een staalkaart van Marlene van Niekerk’s literatuuroppvatting, waarin onder andere begrippen als de problematisering van taal en de thematisering van het schrijfproces zelf centraal staan.” (Anon, 2009). *Die sneeuslaper* is dus allereers ’n kunsteoretiese besinning; ’n besinning oor die aard van die skryfproses. Hierdie tematiese gegewe word reeds in die openingsparagraaf van die boek aan bod gestel (9)<sup>1</sup>:

Gaan dit oor die ware, oor die goeie of oor die skone? Betref dit kritiek of fantasie of geloof? Wat is die nut van die letterkunde, die waarde daarvan op die groot doek van menslike inspanninge? En miskien moet ek vra: Is ’n verhaal iets wat ’n mens kan troos?

Hambidge (2010) verwys gevolglik na *Die sneeuslaper* as ’n “letterkundige skryfverslag”, want die bundel bestaan uit vier langer kortverhale wat aangebied word as ’n intreedende

(“Die swanefluisteraar”), ’n grafrede (“Die slagwerker”), ’n veldwerkverslag (“Die sneeuslaper”) en ’n lesing (“Die vriend”). In *Die sneeuslaper* word vier afsonderlike verhale van vier kleingeskiedenis vertel, maar omdat hulle op vindingryke en komplekse wyse op mekaar inspeel, word hulle terselfdertyd ten nouste met mekaar verweef of aan mekaar gekoppel. Nie alleen duik sommige karakters in meer as een verhaal op nie, maar die verwantskap tussen die verhale word ook bevestig vanweë die feit dat die intriges in die verhale ten nouste verweef is met die spesifieke ruimtelike plasing in Amsterdam.

Van Niekerk se bundel verskyn eers in Nederland as *De sneeuwslaper*, alvorens dit in Suid-Afrika in Afrikaans gepubliseer word. Hierdie werkwyse is gevolglik ’n interessante toetred tot die diskoers rondom die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme waarin die opvatting skyn te wees dat, ten spyte van die noue verbintenis van die Afrikaanse letterkunde met die literatuur van die Lae Lande, dit uiteindelik ’n afsonderlike literatuur verteenwoordig (Van Coller en Odendaal, 2005: 39). Daar moet terselfdertyd in gedagte gehou word dat Van Niekerk die verhale in die eerste plek in Afrikaans geskryf het en dat dit deur Riet de Jong-Goossens in Nederlands vertaal is. Hierdie kruisbestuiving stel reeds ’n spesifieke verwantskap in die vooruitsig, want Stuart Hall (2004: 191) se opvatting is van toepassing, naamlik dat vertaling ’n versoening is tussen twee reeds konstituerende wêreldes. Die kreatiewe proses wat hieruit voortspuit, setel gevolglik in die *beweging* van die een ruimte na die ander.

In die Afrikaanse literêre landskap is daar talle kritici, skrywers en digters wat die afgelope dekades geskryf het oor die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme, sowel as oor ’n persoonlike verbintenis met Nederland, en meer spesifiek Amsterdam. Van Coller en Odendaal (2005: 36) verwys in hierdie verband na ’n “literêre intimiteit” wat tussen die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde ontwikkel het. Hierdie tekste bied vir die Afrikaanse leser ’n venster op Nederland in die algemeen en op Amsterdam in die besonder, maar soos Ena Jansen (1998) redeneer, bied Afrikaanse tekste terselfdertyd ook vir die Nederlandse leser ’n venster op Afrika. Daar moet in gedagte gehou word dat die deursigtige aard van vensters nie slegs ’n uitkyk na buite bied nie, maar dat dit ook ’n oppervlak is waardeur daar na binne gekyk word – dus ’n wedersydse kyk wat Jansen se mening bevestig. Hierdie beeld kom trouens baie eksplisiet ter sprake in *Die sneeuslaper* as die fiktiewe skrywer, Willem Oldemarkt, in die tweede verhaal *uitkyk* vanuit sy persoonlike ruimte en terselfdertyd *inkyk* na die ruimte van die ander. Op hierdie manier ontstaan daar ’n derderuimte,<sup>2</sup> naamlik die kreatiewe ruimte van die verbeelding, wat saam met die bepaalde manier van kyk ’n ruimtelike verwantskap bevestig en boonop ’n verhaal tot gevolg het.

Van Niekerk se literêre toenadering tot die Nederlandse literêre landskap in *Die sneeuslaper* manifesteer op tweërlei wyses. In die eerste plek in die wyse waarop daar met taal in die teks omgegaan word: Die gebruik van ou uitdrukings, deftige

woorde en talle neerlandismes kenmerk die vertelstyl en beklemtoon die verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands op 'n linguistiese vlak. Van Rooy en Van den Doel (2011) argumenteer oortuigend in 'n resente artikel dat Afrikaans en Nederlands as *postplurisentriese* tale bestempel kan word en beklemtoon “the possibility of continuing interaction between Dutch and Afrikaans in the form of what we term a post-pluricentric relationship. [...] Evidence for such a post-pluricentric connection may be found both in language-internal issues (such as spelling and vocabulary) and language-external issues (literature, commerce).” Op grond van hierdie gegewens kan daar dus die stelling gemaak word dat dit in *Die sneeuslaper* gaan om die bevestiging van 'n bepaalde literêre verwantskap of relasionaliteit.

In die tweede plek is dit opvallend dat *Die sneeuslaper* 'n bundel is waarin daar sprake is van 'n komplekse interaksie van ruimtelike relasies, met die klem op Amsterdam as narratiewe ruimte. Dit is van die staanspoor af duidelik dat die verhoudings tussen die ruimte en die self, en die impak van die ruimte op die verskillende karakters, 'n deurslaggewende rol in die verhale speel. Die topografiese beskrywings van Amsterdam as stedelike ruimte, met sy gragte en brûe en swane, sy sneeu, sy stegies en binnehowe, sy trems en fietse en stadsgeluide, is onontbeerlik vir die vreemde intriges wat telkens in die verhale ontvou. Die verwantskap tussen die stad-as-ruimte en die subjek word vroeg reeds beklemtoon in die skrywe van die student: “Professor, ek verstaan nog nie alles wat met my gebeur het in hierdie stad nie; trouens, dit is nog steeds aan die gebeur.” (14).

In hierdie artikel is die fokus die tweede geïdentifiseerde aspek van Van Niekerk se literêre verwantskap met Nederland. My uitgangspunt is dat die stad as ruimte verskeie moontlike betekenis opdwing, met die gevolg dat die stedelike ruimte nooit neutraal of homogeen gelees kan word nie. In die afdeling wat volg, sal oorsigtelik aandag geskenk word aan Amsterdam as ruimte in die Afrikaanse literêre sisteem ten einde Marlene van Niekerk se teks te kontekstualiseer. Vervolgens sal Amsterdam en ruimtelike relasionaliteit aan die orde gestel word, en daarna sal die invloed van die ruimte op die karakters en die intrige, sowel as op die kreatiewe proses in die teks, bespreek word.

## 2. “Deur die vensters van fiksie” (64): Amsterdam en die Afrikaanse literêre sisteem

Amsterdam as narratiewe ruimte is vir die Afrikaanse leser geen onbekende nie. In die Afrikaanse literêre landskap is daar talle Afrikaanse skrywers en digters wat oor dekades heen geskryf het oor 'n persoonlike verbintenis met die stad. Ester (2007) verwys byvoorbeeld na die prosa van Petronella van Heerden, Abraham de Vries, Hennie Aucamp en Karel Schoeman, sowel as na die poësie van Lina Spies, waarin die verbintenis met Amsterdam duidelik na vore kom. Hy (2007: 97) maak voorts die geldige stelling dat die verbintenis tussen Abraham de Vries en Amsterdam

geen neutrale belewenis is nie – ’n waarheid wat egter algemeen geldend is vir alle Afrikaanse skrywers wat vertellend toenadering tot dié stad soek, hoewel die persoonlike verhouding tussen stad en skrywer uit die aard van die saak van persoon tot persoon verskil.

Ena Jansen (1996) ontleen op haar beurt die titel van haar monografie, *Afstand en verbintenis: Elisabeth Eybers in Amsterdam*, van ’n gedig in *Balans* (“Blare per pos”) waarin Eybers skryf: “mag mens jou weer eens vergewis/van afstand, van verbintenis”. Jansen (1996: 3) is van mening dat Eybers se merkwaardige posisie in twee letterkundes juis te danke is aan die wisselwerking tussen vreemdheid en bekendheid wat lesers ervaar wanneer hulle haar gedigte lees. Sy gebruik voorts as motto vir haar teks versreëls uit ’n ander gedig in *Balans* (“Brief in Januarie”): “selfs die geringste woord wat emigreer/ moet risiko en onbegrip trotseer”. Hierdie risiko van onbegrip is dan ook wesenlik vir die Afrikaanse lesers van *Die sneeuslaper* vanweë Van Niekerk se gebruik van Nederlandse woorde en uitdrukkings wat vir die Afrikaanse leser vreemd is.

In aansluiting by Ester se bespreking van Amsterdam as narratiewe ruimte is Karel Schoeman se volgehoue verbintenisse met Amsterdam/Nederland in die Afrikaanse literatuur steeds opvallend. Sy skrywende toenadering is onbeskaamd nostalgies melancholies, soos blyk uit sy onlangs verskene *Riviereland* (2011), waarin hy verslag doen van sy besoeke aan Nederland in 1999 en 2003. Die verslag van ’n vroeëre besoek het in druk verskyn onder die titel *Stamland: ’n Reis deur Nederland* (1999). Hierdie veelseggende titel beklemtoon reeds Schoeman se persoonlike verwantskap met dié land – ’n verbintenisse wat deels te make het met die feit dat sy grootouers aan moederskant aan die einde van die negentiende eeu na Suid-Afrika geëmigreer het. Volgens Jaap Goedegebuure (2011: 3) is die dieperliggende dryfveer wat Schoeman telkens weer verlei om na Nederland te reis, ’n diepgewortelde gevoel van verbondenheid met die land. Sedert Schoeman se vroeë romans het sy belangstelling toenemend na geskiedskrywing geneig en uiteindelik kan hy ook gereken word as ’n gerespekteerde geskiedskrywer, maar die fokus van sy navorsing is steeds die historiese verwantskap van Nederland en Suid-Afrika. Sy omvattende projek wat uiteindelik vyf volumes sal beslaan heet *Kolonie aan die Kaap*. Die eerste in die reeks, *Patrisiërs & prinse: Die Europese samelewing en die stigting van ’n kolonie aan die Kaap 1619-1715* het in 2008 verskyn, terwyl band 2, *Handelsryk in die Ooste: Die wêreld van die VOC, 1619-1688*, in 2009 gepubliseer is. Die derde het in 2010 verskyn as *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662*. In al drie hierdie volumes blyk daar ’n besliste bewussyn van relasionaliteit wat sowel tematies as kunsteoreties manifesteer.

Etienne van Heerden se roman *30 Nagte in Amsterdam* (2008) stel die stad as ruimte eksplisiet op die voorgrond en bied ’n doelbewuste herbesinning oor die verhouding tussen dié twee wêrelddele. Amsterdam word bestempel as die metropool van waar die beslissende “pennestreek op ’n kaart deur ’n koloniale owerheid” getrek is (Van Heerden, 2008: 215). Nie alleen is daar sprake van ’n postkoloniale diskoers nie, maar

die vraag wat die roman aan bod stel betrek “debatte oor behoort en vertrek” (Van Heerden, 2008: 215). Die roman handel met ander woorde ook oor die keuse wat gemaak sal word indien die individuele postkoloniale subjek die geleentheid gebied word om terug te keer na die verre en onbekende plek van oorsprong om daar ’n nuwe bestaan te maak. Vir Henk de Melker, protagonis van die roman, is Amsterdam die plek van herkoms, maar ook van moontlike bestemming, omdat hy vanweë ’n erforsie die geleentheid gegun word om hom permanent in die stad te vestig. Hy bevestig egter ten slotte sy persoonlike verbondenheid aan sy geboorteland as hy na 30 nagte in Amsterdam na Suid-Afrika terugkeer.

Marlene van Niekerk gaan in háár toenadering tot Amsterdam as narratiewe, en spesifiek stedelike ruimte, sowel relasioneel as ciesoortig te werk. Sy toon enkele raakpunte met die wyse waarop die stad-as-ruimte in die algemeen gerepresenteer word – trouens, die representasie van die stad en die stad as representasie is ’n aspek van haar oeuvre wat reeds deeglik verreken is in sowel *Triomf* as *Memorandum: ’n Verhaal met skilderye*. In laasgenoemde roman is die sterk ruimtelike bewussyn opvallend, sodat Britz (2007: 17) tereg opmerk dat die *leitmotiv* in *Memorandum* die inrigting en (on) bewoonbaarheid van ruimte is. Soos Johannesburg in *Triomf*, word Amsterdam in *Die sneeuslaper* as distopiese eerder as utopiese stedelike ruimte voorgestel en is daar sprake van ’n geografie van bedreiging en vrees, sowel as ’n diskoers oor die onbewoonbaarheid van stedelike ruimtes vir sosiaal gemarginaliseerdes.

In Van Niekerk se literêre toenadering tot Amsterdam is die kenmerk ook (soos by Eybers) dat daar sprake is van afstand én verbintenis. Die Afrikaanse karakter (soos die Afrikaanse leser) bevind hom as ’n “vreemdeling in ’n wêreldstad” (19), terwyl die Nederlandse karakter (soos die leser) Amsterdam waarskynlik as lokale en vertroude ruimte ervaar. Indien in gedagte gehou word dat *Die sneeuslaper* as eksplisiete kunsteoretiese besinning van die skrywer Marlene van Niekerk gelees word, blyk dit duidelik dat Amsterdam die poëtikale raam is waarbinne sy haar narratief aanbied. In ’n sleutelpassasie verduidelik die fiktiewe skrywer Willem Oldemarkt dan ook soos volg (125 – my kursivering):

Aan ’n blote verhaal is daar geen plesier nie, het hy beweer, dis die *glipraam* van die aanbod wat tel, en die verskole tersydes. Handeling en gebeure moet herhaal wees, of omgekeerd of geminiaturiseerd, of verlangsaam, of versnel *binne-in die omlysting van die verhaal*. Die skrywer moet afgebeeld wees in die vertellerkarakter in die verhaal, wat weer ’n verhaal vertel van iemand wat ’n verhaal vertel, ensovoorts.

Ook die fiktiewe professor Van Niekerk gebruik Amsterdam as die raam waarbinne sy terugskouend die verhale van die student en die swanefluisteraar, en die fotograaf en die sneeuslaper, aan haar onderskeidelik Suid-Afrikaanse en Nederlandse gehore vertel. Van Niekerk konstrueer voorts ook haar onderskeie karakters as ’n narratief, en dit geskied telkens deur middel van ’n perspektief deur ’n raam. As die student/

aspirantskrywer die swanefluisteraar die eerste keer gewaar, word die skryfhandeling, raam en karakter eksplisiet met mekaar in verband gebring [kursivering deur Van Niekerk]: “Want toe ek die reël doodvee met my vingerpunt, toe staan hy opeens daar, geraam in my asemstolsel, aan die oorkant van die kade in ’n portiek, ’n man met spierwit hare en ’n sak in sy hand [...]” (20). En verder (21):

*Op sy maag, met sy hande uitgestrek oor die water, het hy die voëls aangehaal, hulle kwaste kwispelend, hulle koppe digby syne. Orfeus aan die oewer. Dat ek met my vinger in my skamel asem skryf, een reël van ’n vergete digter, en dat dit oorsprong van raam tot wal en ’n swanefluisteraar oplewer? Van sulke toeval is die hart verruk.*

Hierdie aanhalings illustreer terselfdertyd dat Amsterdam, as konkrete én verbeelde ruimte, vir Van Niekerk meer is as bloot narratiewe ruimte of raam waarin die gebeure afspeel. In aansluiting by die poëtikale aard van *Die sneeuslaper* kan Amsterdam gevolglik beskryf word as die kreatiewe ruimte wat verantwoordelik is vir die ontstaan van verhale vir die werklike skrywer “uit die swaanlose suide” (19), met haar tuiste in “’n netjiese burgerlike nes soos Stellenbosch” (159). Kasper (as persona van die werklike skrywer) raak nie alleen “in die ban van die sogenaamde swanefluisteraar” nie, maar “hy val vir sy eie fantasie oor die swanefluisteraar, en ’n storie word vir ons gebore. Hy volg hom elke dag deur die stad en word by elke brug die getuie van die hobo se sogenaamde swaneritueel.” (22).

Bogenoemde verwysing na die mitiese ervaring en die teenwoordigheid van Orfeus in Amsterdam konsipieer terselfdertyd die stad as mitiese ruimte. Daar word in *Die sneeuslaper* ’n verband gelê met die Orfeus-mite vanweë talle eksplisiete verwysings na Orfeus: nie alleen noem Kasper die hobo – die sogenaamde swanefluisteraar – Orfeus nie, maar hy verwys ook na die swaan as doodbegeleier (21). Verderaan identifiseer hy die swane as “voëls van die doderyk” (27) en herinner die leser aan die swane wat in opdrag van die gode die slee van Orfeus getrek het. Die (skynbare) vermoë van die hobo om met die swane te kommunikeer, dui volgens hom ook op Orfiese kunste.

### 3. Amsterdam en ruimtelike relasionaliteit

In *Die sneeuslaper* kom daar deurgaans eksplisiete beskrywings van konkrete ruimtes in die stad Amsterdam voor. Die student bevind hom byvoorbeeld in ’n “woonstel op die vierde verdieping, vlak by die Amsterdamse hawe aan die bopunt van die Gelderse kade” (15). In die verhaal “Die sneeuslaper” beskryf die verteller haar soektog na die hobo as “langs alle pasantenvblywen en nagschuilingen van die HVO Querido, die Leger des Heils, en die onderkomens van die Stoelenproject, maar sonder dat ek ’n enkele spoor van hom kan agterhaal. Saans sit ek in die kafee van die Volksverbond op die Haarlemmerstraat [...]” (102). Professor Van Niekerk is in haar lesing ook ruimtelik spesifiek as sy haar gehoor soos volg inlig: “Maar vanoggend vroeg toe ek hierdie kissie [...] wou terugneem na die antiëksaak Meulendijks en Schuil op die Kerkstraat

– antiekiefhebbers in Amsterdam sal weet dat die heer Schuil die versameling van Kippelstein en Zoon op die Spiegelstraat oorgeneem het.” (157). Vir die Nederlandse leser skep hierdie spesifieke ruimtelike beskrywings waarskynlik ’n gevoel van vertrouwdheid, terwyl dit vir die Afrikaanse leser, wat nie oor die kulturele, geografiese en sosiale kennis beskik nie, eerder vervreemding in die hand werk.<sup>3</sup> Ongeag die leser se kennis en/of resepsie, dwing dié ruimtelike dimensies in die verhale die diskoers oor die literêre verwantskap tussen Suid-Afrika en Nederland op die voorgrond. Die keuse van Amsterdam as narratiewe ruimte kan gevolglik gelees word binne ’n paradigma van ruimtelike relasionaliteit.

Volgens Martin Jones (2009: 488) is *relasionele ruimtelike denke* (“thinking space relationally”), dit wil sê die begrip van ruimte as verweef en verwant en voortdurend in wording, die mantra van die een-en-twintigste eeu waar menslike geografie ter sprake is. In aansluiting by hierdie opvatting redeneer Wylie (2007: 200 – kursivering deur Wylie):

Rather than relations and connections being forged in an already-given space, relations are being viewed as *creative of spaces*. That is, relations do not occur *in* space, they *make* spaces – relational spaces, and the geography of the world is comprised of these. This [is a] relational view of a world-always-in-the-making [...].

Dit is dan ook binne hierdie internasionale opvatting van relasionele ruimtelike denke dat *Die sneeuslaper* geplaas kan word. Binne dié denkraamwerk van relasionele ruimtelike posisionering hef *Die sneeuslaper* as *teks* binêre denke op, en bied dit die moontlikheid om die verhouding tussen Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme te sien as én... én, in plaas van óf... óf. Terselfdertyd sluit dit aan by die denkskool van kulturele geografie waarin die fokus *transnasionale geografie* en die sogenaamde “new mobilities paradigm” (Sheller en Urry, 2006) is. Volgens Mitchell (2003: 74) is die fokus van navorsing oor *transnasionaaliteit* “on relations *between* things and on movements *across* things [kursivering deur Mitchell]. Hierdie sogenaamde mobiele paradigma manifesteer in *Die sneeuslaper* in verskeie vorme, want nie alleen is daar sprake van migrante “uit die swaanlose suide” (19) nie, maar die klem word ook gelê op die karakters as ruimtelike verplaastes of swerwers, dit wil sê subjekte in voortdurende beweging. Die mobiliteit van die stedelike bewoners word selfs eksplisiet deur Willem Oldemarkt geformuleer: “En wat sal ons hierdie nuwe soort kyk-tram noem waarin ons nou saam reis deur die stad? Waar mense stil sit en hulle blik oor ons uitstort soos lig, soos antwoorde?” (95).

Soos wat die karakters en die verhale in *Die sneeuslaper* migreer en inspeel op mekaar, is daar ook sprake van ruimtelike migrasie, sowel as van ruimtelike relasionaliteit tussen Stellenbosch en Amsterdam. In die eerste, sowel as in die vierde verhaal, gee die skrywende instansie ’n bifokale perspektief op beide Suid-Afrikaanse en Nederlandse ruimtes, wat ’n eiesoortige spanning in die hand werk. Die fiktiewe

skrywer/professor vertel in albei verhale van onderskeidelik die student en die fotograaf se aanvanklike verbintenis met Stellenbosch en van hulle tydelike verblyf in Amsterdam. Vir beide hierdie karakters hou dié verblyf katastrofiese gevolge in, maar terselfdertyd is die ruimtelike inspelning juis verantwoordelik vir die kreatiewe energie wat neerslag vind in die opskryf van die verhale.

#### 4. “Maar soms vat die hobo ’n ander pad” (99): Amsterdam en swerwende randfigure

Marlene van Niekerk se eiesoortige toenadering tot Amsterdam beklemtoon die tweeledige aard van ruimte en sluit aan by Soja (1990)<sup>4</sup> se opvattinge oor ruimtelikheid. Hy is van mening dat sosiale en ruimtelike strukture dialekties ineengevleg is en nie maar slegs saam gekarteer is in die sosiale lewe nie. Ruimte is gevolglik *gelyktydig* ’n sosiale produk (of uitkoms) én ’n vormende krag (of medium) in die sosiale omgang. In *Die sneeuslaper* is sosiale verhoudinge en die interaksie tussen die onderskeie karakters wat hul in die stad bevind, ingebed in ruimtelikheid. Amsterdam is dienooreenkomstig tegelykertyd die sosiale produk van die karakters se handelinge én die vormende krag wat die karakters se handelinge en die gebeure bepaal.

Die hedendaagse stad, as matriks van wisselende strukture en relasies, en as sosiale ruimte, word onder meer gekenmerk deur die teenwoordigheid van die Ander, en meer spesifiek diegene wat gebrandmerk word deur sosiale uitsluiting en na die marge van die samelewing geskuif word. Tim Cresswell (2004: 102-110) munt die term *anachorisme* vir dinge of mense wat hul in die verkeerde plek bevind. Diesulkes wat sogenaamd “buite plek” (“out-of-place”) is, is mense wat nie die verwagte verhouding tussen plek, betekenis en praktyk handhaaf nie, en sluit onder andere in huisloses, politieke aktiviste, uitgewekenes en prostitute wat hulle in die randgebiede van die Westerse stedelike sosiale orde bevind. Die stad as sosiale konstruk is by uitstek die gebied waarin sodanige sosiaal gemarginaliseerde ruimtes en aktiwiteite manifesteer.<sup>5</sup> Die swerwer/sneeuslaper verwys dienooreenkomstig na homself en “sy leefbroers” as “die sielemakers van die stad wat tans saam met hoere en als wat in die kantlyn leef, geruim word” (139). *Die sneeuslaper* word dan ook byna sonder uitsondering bevolk deur mense wat “buite plek” is: randfigure<sup>6</sup> en gemarginaliseerdes, (illegale) migrante uit Suid-Afrika (die student en die fotograaf), swerwers, hobo’s, haweloses (die sneeuslaper, die swanefluisteraar, die swerwer, die student), maar ook diegene wat gekenmerk word deur emosionele insinking (die student en die fotograaf) of een-saamheid<sup>7</sup> (die klokkemaker en die eiesinnige veyeuristiese skrywer). Die aspirantskrywer (Olwagen) en die fotograaf (Schreuder) uit Suid-Afrika is aanvanklik gemarginaliseerd vanweë hul spesifieke migrantestatus (die sogenaamde vreemdelinge binne die poorte), maar as gevolg van die vreemde wisselwerking met die Nederlandse hawelose, ontstaan spanning en vrae soos: Wie is uiteindelik die vreemdeling? “Maar wie was dan die slagoffer?” (152). Die skrywer

word ten slotte “een van hulle” (“hy het een van ons geword, praat met swane”, 124), en die fotograaf en die swerwer ruil plekke in die slaapplek onder die sneeu, die “trapgat na die onderwêreld” (134). Hierdie ontologiese omwisselings is uiteindelik ook op indirekte wyse ’n bevestiging van ontologiese relasionaliteit. Die klem wat só gelê word op die verwantskap tussen die verskillende karakters, bring egter weer eens die kwessie van relasionele ruimtelike denke ter sprake. Massey (2004: 5) wys op die implikasie wat hierdie denke het vir die konseptualisering van identiteit, naamlik dat daar ’n wydverspreide argument is dat ook identiteit *relasioneel* is:

That, for instance, we do not have our beings and then go out and interact, but that to a disputed but nonetheless significant extent our beings, our identities, are constituted in and through those engagements, those practices of interaction. Identities are forged in and through relations (which include non-relations, absences and hiatuses). In consequence they are not rooted or static, but mutable ongoing productions.

Kontemporêre teoretisering oor die konsep van identiteit is dit eens dat identiteit nie vas of stabiel is nie, maar ’n voortdurende proses en ’n dinamiese konstruksie, terwyl die verband tussen ruimte en identiteit ook in die algemeen erken word. Dit word ook wyd aanvaar dat identiteitsverandering geskied vanweë ’n verskeidenheid faktore, soos onder meer vanweë innerlike ervarings en deur verandering van ruimte.

Massey (2004) redeneer voorts ook dat relasionele denke oor identiteit veral wyer implikasies inhou vir stede en stedelinge. Sy gebruik Londen met sy kulturele veelvuldigheid as gevolg van sy postkoloniale globale status as voorbeeld, maar haar argument kan myns insiens baie spesifiek ook op Amsterdam en sy inwoners van toepassing gemaak word: “[I]t might be argued that London/Londoners have begun to assume an identity, discursively, within the self-conception of the city, which is precisely around mixity rather than a coherence derived from common roots.” (Massey, 2004: 7). Vir Londen en/of Amsterdam met sy toestroming van vreemdelinge en ’n toenemende ideologie van multikulturalisme hou hierdie opvatting verreikende implikasies in op sosiale, kulturele en politieke gebied. Dit laat ook ongemaklike vrae ontstaan oor wie uiteindelik “binne die poorte” hoort en wie uitgesluit moet word.<sup>8</sup>

In aansluiting by Massey (2004) se betoog oor relasionele identiteit, en teen die agtergrond van die postmodernistiese vervaging van grense, is daar ook ’n ander dimensie waar wisseling van identiteite ter sprake kom, wat terselfdertyd aansluit by die verhouding tussen die subjek en sy omringende ruimte, en die invloed van die ruimte op die subjek. Die verhouding tussen die stad en die subjek is ter sprake in Nicols (2008: 13) se skrywe oor abjekte stedelike ruimtes, en hy beklemtoon die essensiële verband tussen die topografie van die stad en die psigologiese topologie van die subjek wat dit bevat; daar kan selfs beweer word dat die topologie van die subjek ingegrif is in die materiële vorm van die stad. Patton (1995: 117-118) huldig ongeveer dieselfde opvatting as hy argumenteer dat die grens tussen die self en die (postmoderne) stad

vloeibaar geword het. Die stad word dus beleef deur 'n subjek wat self die produk is van stedelike ervarings, 'n onthegte subjek wat nóg ten volle kan identifiseer nóg ten volle kan dissosieer van die tekens wat die stad konstitueer.

In *30 Nagte in Amsterdam* beskryf Van Heerden (2008: 93) Amsterdam as “die wiegende stad wat op water dryf”. Die aspirantskrywer, Kasper Olwagen, beskryf sy aanvanklike perspektief op die stad soos volg [kursivering deur Van Niekerk]: “*Oggende lank het ek voor die ruitjiesvenster gestaan en my kop heen en weer beweeg sodat die kade, die dokke, die straatverkeer telkens in ander verwrings aan my moes verskyn.*” (20). As gevolg van dié wiegende, kaatsende, gefragmenteerde en verwronge beeld van die stad, dien Amsterdam ook as metafoor vir 'n onvaste postmoderne wêreld waarin identiteit óók gefragmenteerd en onvas is.<sup>9</sup> Hall (1996) se opvatting oor gefragmenteerde identiteit werp veral lig op hierdie saak. Hy voer aan dat daar 'n radikale wegbeweeg is van essensialistiese opvattinge oor identiteit, want “identities are never unified and, in late modern times, increasingly fragmented and fractured; never singular but multiply constructed across different, often intersecting and antagonistic, discourses, practices and positions.” (Hall, 1996: 4). Hierdie insigte is relevant vir 'n lesing van *Die sneeuslaper* waar identiteit ter sprake kom. Die Nederlandse stedelike swerwer speel 'n gevaarlike identiteitspeletjie, want hy is afwisselend swanefluisteraar, sneeuslaper, “swerwer in die maatskappy” (105) en 'n maatskaplike geval van “vagrante in grootstedelike konteks” (101) vir die Instituut voor Nieuw Sociologisch Onderzoek, Utrecht. Hy erken onomwonde [kursivering deur Van Niekerk]: “*Ek het lankal 'n ander vermomming. Nou dra ek 'n bril sonder glase en speel die gewese akteur en kyk my nie so aan nie, mevrou, ook u het 'n afgrond in u agterplaas.*” (125). Hy bevestig dat hy oor 'n identiteitsdokument en 'n “persoonsnommer” beskik (114), maar terselfdertyd ontwyk hy bewys van sy ware identiteit as hy sy “volle voorname” (115) gee [kursivering deur Van Niekerk]:

*My volle voorname? My agternaam? Gedoop? Ag, moet my nie laat lag nie, in my ravot my name soos die varke van Gadara. Arturo Rosenblut, Gaspard de la Nuit, Lothario Senzatetto, Kardinaal Stefaneschi, Wóyzek as u wil, of Casimir von Slippenbach, ek is aan my eie ongelykheid op elke punt gelyk, die hondeman van Sinope [...].*

Die verskillende aliasse dui gevolglik nie alleen op sy gefragmenteerde of versplinterde identiteit nie, maar beklemtoon terselfdertyd die antagonistiese spelelement soos blyk uit die term *ravot*.<sup>10</sup> Terselfdertyd speel Marlene van Niekerk by monde van haar karakter 'n intertekstuele speletjie met die leser, want elke naam verwys na 'n spesifieke persoon of saak, en betrek die Bybel, skilderkuns, wetenskap, musiek, literatuur, geskiedenis en filosofie.<sup>11</sup>

Ook Helena Oldemarkt verwys na háár identiteitswisseling aan die begin van haar verslag: “Ek wil by voorhand my belang verklaar – ek doen vrywilligerwerk onder die minderbevoorregtes as vorm van troos. [...] En nou skyn dit, deur 'n rare sameloop, my beurt om verdwaald te wees. In een oogwink gepromoveer van veldwerker tot vagebond.” (101). In haar soektog na die sneeuslaper erken sy die identiteitsproblematiek

as sy vra: “Wat sou ek doen as ek hom eendag sou raakloop? As hy hom aan my sou voordoen? Sou ek hom herken?” (103).

Dié relasie stad-subjek manifesteer dus in *Die sneeuslaper* by uitstek in die topos van identiteitsverlies en -onthegting, sowel as die psigologiese topologie van die karakters. Hierdie wisseling in identiteit en die vermomming van die hawelose, word terselfdertyd gelykgestel aan ’n “afgrond”<sup>12</sup> – hy word die “lewerikspieël” wat ander karakters (Olwagen, Schreuder, Helena Oldenmarkt) aanlok na die rand van dié afgrond. Bykomend tot die verskillende sake waarvoor die lewerikspieël<sup>13</sup> in *Die sneeuslaper* metafoor word, word dit uiteindelik óók lokaas na die afgrond van waansin.

## 5. “Die afgrondelikheid van die bestaan” (187): karakters op die valreep na waansin

In ’n spesiale uitgawe van die tydskrif *Style* (2009) word daar gefokus op moderne representasies van waansin of malheid (“madness”) in fiksie, en spesifiek op die wyse waarop kranksinnigheid die struktuur van die narratief beïnvloed. Vir die Engelse term *madness* is daar ’n verskeidenheid Afrikaanse woorde: malheid, kranksinnigheid, waansin, raserny, gekheid, besetenheid. Volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (WAT) is die sosiale kriterium vir kranksinnigheid die onvermoë om met gesonde verstand jouself onafhanklik in die samelewing te handhaaf; die regs-kriterium is dat jy nie vir jou dade verantwoordelik is en nie die verskil tussen reg en verkeerd ken nie; en die psigiatriese kriterium is die gebrek aan kontak met die werklikheid en aan insig in jou toestand. Die dader se kranksinnigheid word uitgemaak met die vraag of hy tussen die goed en kwaad van sy handeling kan onderskei. Bernaerts, Herman en Vervaeck (2009: 284) wys egter tereg daarop dat ’n eenvoudige woordeboekdefinisie van waansin of malheid onvoldoende is, omdat die betekenis en die reikwydte van die konsep verskil na gelang van kulturele, historiese, literêre en selfs individuele konteks. Daar is wel een gemeenskaplike kenmerk wat betrekking het op twee konsepte, naamlik *verstandsafwyking* en *geestesversteurdheid*. Waansin in fiksie betrek twee domeine, naamlik dié van taal of sekere taalhandelinge, en dié van sekere vorme van gedrag – beide aspekte wat op verskeie wyses in *Die sneeuslaper* manifesteer. Dit blyk ook dat literêre waansin eerder ’n vertoning of ’n retoriese figuur is as ’n essensiële eienskap van ’n karakter se verstand. Die representasie van waansin in die literatuur het voorts ook ten nouste betrekking op die kreatiewe proses. Bernaerts *et al.* (2009: 285) verduidelik soos volg:

Insanity not only affects (mental) action and communication in the fictional world; it also brings in fundamental concepts such as the creative imagination, genius, and the binary pair blindness/insight. Madness is therefore always connected with considerations of artistic and literary production.

’n Teoretiese besinning oor die narratiewe representasie van waansin is besonder relevant vir die lees van *Die sneeuslaper*, omdat die verskillende karakters in die

onderskeie verhale telkens swig voor die lokaas van die “spieëltjie” en op verskillende maniere na waansin gedryf word. Die konsep van waansin kom ter sprake as ’n oorsaak, ’n komponent of ’n gevolg van die estetiese invalshoek of kreatiewe proses, en die verskillende vorme van waansin is soms bepalend vir die struktuur van die verhale. In die eerste en die vierde verhaal word daar byvoorbeeld terugskouend vertel, en oorsaak en gevolg word afwisselend aan bod gestel. Uiteindelik is daar in albei verhale pertinent sprake van ’n bepaalde *insig of verstaan* waartoe die verteller kom, wat direk toe te skryf is aan die afwykende geestestoestand.

Bernaerts *et al.* (2009: 283) onderskei genuanseerde verskille waar literêre waansin ter sprake is, en kategoriseer waansin gebaseer op klassieke figure in die letterkunde as *furor poeticus* (“poetic frenzy”), “folly” en “melancholia”. In sowel die eerste as die slotverhaal manifesteer waansin as melancholia; ’n gemoedstoestand wat deur die WAT beskryf word as “soort depressie gekenmerk deur simptome soos ’n verlies aan genot uit feitlik enige aktiwiteit, neerslagtigheid of swaarmoedigheid, oorheersende treurigheid, verlange of heimwee”. In beide verhale is dié geestesversteurdheid te wyte aan verlies, maar ook as gevolg van gebeure wat pertinent betrekking het op Amsterdam as ruimte. Kasper Olwagen vermis sy vriend, die swanefluisteraar, terwyl Peter Schreuder tot waansin gedryf word deur die sogenaamde sneeuslaper. Kasper word uiteindelik in sy melancholiese soektog na sy vriend self ’n swerwer: “Dag en nag, in wind en weer, loop hy rond in die verslete jas, in die stewels van die swanefluisteraar.” (38). Uiteindelik val hy van honger en uitputting in ’n koma en word deur die stadspolisie na die hospitaal geneem. So raak hy aan die einde van die verhaal self ook vermis. Op sy beurt ruil Peter plekke met die sneeuslaper in die skuilplek onder die sneeu, die “trapgat na die onderwêreld” (134), wat uiteindelik tot gevolg het dat hy as “ontoerekeningsvatbaar gradering 3” (183) geklassifiseer en as illegale vreemdeling na Suid-Afrika gedeporteer word. Ook hy verdwyn in die afgrond van waansin, want “hy is nie meer van hierdie wêreld nie” (158), verklaar die fiktiewe Van Niekerk.

Benewens die vreemde gedrag wat die waansin presipiteer, is daar opvallend ook sprake van afwykende taalhandelinge in albei die verhale. Kasper stuur aan die professor kassette, maar sy kan die woorde van die gedigte nie uitmaak nie (“As dit woorde is, bygesê”, 40), so ook nie die betekenis nie. As gevolg van sy geestestoestand verloor Kasper met ander woorde sy kognitiewe vermoë tot sinvolle taalhandeling, sodat semantiese betekenis verlore gaan. Taal hou op om logies te funksioneer en slegs klanke en flardes woorde bly oor; ’n geheime alfabet wat Van Niekerk poog om te ontsyfer (40-41):

Wat ek duidelik kan hoor, is die stewige inset van die tema, en dan die teenbeweging daarvan effens gevarieer in klinkers en die medeklinkers, gestut en opgebou deur herhalings en refraine, manjifieke edifiëse van klank. [...] Die argument van die klanke kan ek agterhaal, [...] maar nie die betekenis nie.

Uiteindelik word die fiktiewe Van Niekerk vertaler van die klankgedigte; sy skrap die adjektiewe, skrap die idees, en “heg die woorde net-net aan betekenis, want betekenis is bysaak. Wat belangrik is, is die materialiteit van die woorde.” (41). Kasper se waansin is gevolglik die impuls vir die kreatiewe verbeelding én literêre produksie, want nie alleen ontstaan daar gedigte nie, maar dit vind ook literêr neerslag in die vertel van sy verhaal. Peter Schreuder se toestand is oënskynlik veel erger, want hy verloor selfs sy “Schreuderiaanse stamelspraak, sy onthegte orfiese taal” (186). “Hy kan, of wil nie, met my praat nie, maar antwoord slegs op die voëls” (158), vertel die fiktiewe Van Niekerk. Schreuder beroep hom dus op die alfabet van die voëls<sup>14</sup> as sy geheime taal, asook op die visuele kommunikasie van sy foto’s. Ook in dié geheime sintuiglike taal word Van Niekerk ingelyf as sy uiteindelik *insien* (186):

Sal ek nog tyd hê om te verwerk wat ek op daardie oomblik begin verstaan het? Ryke stof. Die kuur van die voëls, die sjrr en die drrr, die deelneem aan die ontglijping, in één asem, in één lig, die verlossing van alles uit hulle buitelyne, die negatiewe weg.

Vanuit ’n filosofiese benadering geïnterpreteer, sluit Van Niekerk se insig aan by die filosofiese tradisie van die *vitalisme*, en spesifiek by die opvattinge van Gilles Deleuze. Wylie (2007: 201) bied lig op dié aspek en voer aan dat Deleuze se verskillende skrywes kreatiwiteit en transformasie beklemtoon, nie slegs as waardes om te koester nie, maar as immanente, ontologiese wesenskenmerke van lewe in die algemeen. Wylie (2007: 202 – kursivering deur Wylie) verduidelik voorts soos volg:

In turn, the term ‘vitalism’, captures a particular ethos – a sense of life in general – as an immanent, vital, emergent force. [...] What is envisaged is an understanding of *matter* – the materiality of things and of nature – as alive and animate. The world Deleuze pictures is a pure flow of life and perception, without any distinct perceivers.

In “Die slagwerker” speel Marlene van Niekerk met poëtikale raserny (*furor poeticus*) as strukturele onderbou. Willem Oldemarkt erken aan sy vriend Jacob Kippelstein dat sy verhaal oor die slagwerker ’n selfportret is (53) en terselfdertyd ’n poging om “die armoire van gewone mensetaal tot splinters [te] verpulwer” (53). Hy bring gevolglik ure voor die raam deur om die slagwerker af te loer en na sy “orfiese simbaalfluistering” (63) te luister. Deur middel van die vensters van fiksie, deur middel van sy verbeelding, speel hy uiteindelik die leë kamer aan die oorkant vol met ’n slagwerkerextravaganza, “’n sampioenwolk van versinsels gevestig op gemis” (94). Ten slotte ontstaan nie alleen die slagwerker se verhaal nie, maar ook die verhaal van Jacob en Willem se vriendskap, sowel as ’n verhaal oor die ontstaan van ’n verhaal. As Willem Jacob boonop gedurende hul laaste besoek dwing om met hom saam te speel en homself oor te gee aan ’n gekke geraasmaak, word dit ’n vitale viering van die lewe, maar ook van die skeppende kreatiewe

verbeelding. Waansin wat spruit uit verlies word dus ook in hierdie verhaal deel van die kreatiewe literêre proses.

Die mees enigmatiese karakter in *Die sneeuslaper* is die hawelose-maatskaplike geval-swanefluisteraar-sneeuslaper. Soos reeds vermeld, is dit sy gek, gevaarlike identiteitspeletjies wat aanleiding gee tot ander se oortuimeling na waansin. Hierdie karakter se optrede kan ten beste beskryf word as *dwaasheid*, of *stommiteit*, of *gekheid*, die Afrikaanse terme vir “folly”. Ingebed in die Engelse term *folly* is onder meer ook “lack of good sense [...] *obsolete*: evil, wickedness” (Merriam-Webster Online Dictionary). Dié hawelose is behep met die karakters wat sy pad kruis (soos ook hulle met hom), en hy lewer verslag aan mevrou Oldemarkt van sy ontmoetinge. Hoewel die leser van *Die sneeuslaper* gewaarsku word dat niemand hulle vir een oomblik op vaste grond moet waan nie (125), by implikasie dus ook gewaarsku word teen die goedgelowigheid van die student en die fotograaf, is dit skokkend as hy onthul dat sy optrede teenoor laasgenoemdes doelbewus gek en kwaadwillig was. Hy verontskuldig hom teenoor Helena Oldemarkt deur homself en sy optrede soos volg te beskryf [kursivering deur Van Niekerk]: “*Vir hul fantasieë van selfonthegting speel ek, die gesiglose, die spieël. [...] Wat anders kon ek doen as my ten einde laaste wreek? Namens al die ellendiges wat deur die eeue model moes staan vir die artistieke afskeidings van narsiste op staatsubsidie?*” (124). Die gespletenheid van hierdie karakter dui op ’n ontsporing van sy geesteswerksaamheid, en dienooreenkomstig sluit hy aan by wat Bernaerts *et al.* (2009: 285) noem die tradisie van inspirerende fiksionele malles soos Cervantes se Don Quijote, Goethe se Tasso, Poe se mal vertellers of Gogol se gek dagboekskrywer. Die verwysing na die “gesiglose” wat as spieël dien vir die skrywer kan egter ook gelees word as ’n poëtikale uitspraak, en sluit aan by die Nederlandse uitgewer, Em. Querido’s Uitgeverij, se bekendstelling wat aan die begin van hierdie artikel aangehaal is. Hierdie sitaat (Anon, 2009) lui verder soos volg [my kursivering]:

Zo ruimt de schrijfster een prominente plaats in voor *de vreemdeling*, de ander die buiten de maatschappij staat maar ook *in ieder van ons huist* en de voedingsbron is van haar artistieke verbeelding. De schrijfster probeert daarnaast inzicht te geven in de dynamiek die ten grondslag ligt aan relaties tussen mensen [...].

Nobelpryswenner Orhan Pamuk se woorde in sy *Nobellesing* (2006) het klaarblyklik gedien as inspirasie vir Van Niekerk by die skryf van *Die sneeuslaper*: “A writer is someone who spends years patiently trying to discover the second being inside him, and the world that makes him who he is.” Dié verborge tweede persoon wat in jouself skuil, kan egter wel ook die gesig van die bose aanneem, soos wat die Afrikaanse digter N.P. van Wyk Louw (1981: 132) in “Ballade van die bose” (1940) uitgespel het:

Ken jy my nou?  
 Het jy die spieël gesien,  
 En ken jy jou?

## 6. Slot

As 'n mens die kompleksiteit van die ruimtelike inspelings op die karakters en die gebeure in die roman bekyk, dan word dit duidelik dat ruimte, en spesifiek Amsterdam as stedelike ruimte, 'n deurslaggewende rol in die roman speel. Amsterdam as “moederstad” (12) dien nie alleen as kreatiewe impuls en voedingsbron vir die “letterkundige skryfverslag” (Hambidge, 2010) van die Afrikaanse skryfster in Suid-Afrika nie, maar dit bevestig terselfdertyd die literêre verbondenheid met die Afrikaanse literêre landskap. Die paradigma van ruimtelike relasionaliteit in die bundel bied gevolglik vir die Afrikaanse én Nederlandse leser, ten spyte van die afstand tussen Noord en Suid, 'n narratiewe ruimte van vertrouwdheid, 'n verbintenis. In die bundel is die sosiale verhoudings en die interaksie tussen die Suid-Afrikaanse gemarginaliseerde romankarakters en die swerwende Nederlandse randfigure ook ingebed in ruimtelikheid, terwyl die stedelike ruimte van Amsterdam bepalend is vir die vreemde intriges wat in die verhale ontvou.

*Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoekcampus*

## Bronnelys

- Anoniem.** 2009. Marlene van Niekerk's New Work: *The Snow Sleeper* <http://bookslive.co.za/blog/2009/07/10/marlene-van-niekerks-new-work-the-snow-sleeper>
- Bernaerts, L., L. Herman en B. Vervaeck.** 2009. Narrative Threads of Madness. *Style*, 43(3): 283-290.
- Britz, E.** 2007. Handleiding vir *Insig* se boekklub. <http://www.boekeinsig.co.za/handleidings/index.asp> (geraadpleeg op 20 Januarie 2008).
- Cirlot, J.E.** 1983. *A Dictionary of Symbols*. Londen: Routledge en Kegan.
- Cresswell, T.** 2004. *Place: A Short Introduction*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Ester, H.** 2007. Amsterdam: Van rizzoom tot verhaal. In: Van Zyl, W. (samest.). *Elke slot 'n weerbegin*. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland: 87-101.
- Goedegebuure, J.** 2011. Verlei deur die verbondenheid. *Beeld*: 3, 6 November.
- Hall, S.** 1996. Introduction: Who Needs Identity? In: Hall, S. en P. du Gay (red.). *Questions of Cultural Identity*. Londen: Sage.
- Hall, S.** 2004. Modernity and Difference. In: Tawadros, G. (red.). *Changing States: Contemporary Art and Ideas in an Era of Globalisation*. Londen: Institute of International Visual Arts: 190-195.
- Hambidge, J.** 2010. *Die sneeuslaper*: Is daar lewe na *Agaat*? <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd> (geraadpleeg op 11 Maart 2012).
- Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT).** 1994 [1965]. Johannesburg: Perskor.
- Jansen, Ena.** 1996. *Afstand en verbintenis: Elisabeth Eybers in Amsterdam*. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.

- Jansen, E.** 1998. De culturele relatie Nederland-Zuid-Afrika: Vroeger en nu. *Ons Erfdeel*, 41: 677- 683. [www.dbnl.org/tekst/\\_ons003199801\\_01\\_ons003199801\\_01\\_0145.php](http://www.dbnl.org/tekst/_ons003199801_01_ons003199801_01_0145.php) (geraadpleeg op 11 Maart 2012).
- Jones, M.** 2009. Phase Space: Geography, Relational Thinking, and Beyond. *Progress in Human Geography*, 33(4): 487-506.
- Lefebvre, H.** 1991. *The Production of Space* (vert. Donald Nicholson-Smith). Oxford: Blackwell.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Mahoney, E.** 1997. "The People in Parentheses": Space under Pressure in the Postmodern City. In: Clarke, D. (red.). *The Cinematic City*. Londen en New York: Routledge: 168-185.
- Massey, D.** 2004. Geographies of Responsibility. *Geografiska Annaler: Series B, Human Geography*, 86(1): 5-18.
- Merriam Webster Online Dictionary.** <http://www.merriam-webster.com/dictionary/olly> (geraadpleeg op 11 Maart 2012).
- Mitchell, K.** 2003. Cultural Geographies of Transnationality. In: Anderson, K., M. Domosh, S. Pile en N. Thrift (red.). *Handbook of Cultural Geography*. Londen: Sage: 74-87.
- Nel, A.** 2009. Om Amsterdam te verbeel(d): 'n Verkenning van die stadsruimte in *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 16(2): 18-36.
- Nicols, J.** 2008. Lacan, the City, and the Utopian Symptom: An Analysis of Abject Urban Spaces. *Space and Culture OnlineFirst*, DOI: 10.1177/1206331208320482: Sage Publications (geraadpleeg op 14 Maart 2012).
- Pamuk, O.** 2006. Nobel Lecture: My Father's Suitcase. [http://www.nobelprize.org/nobel\\_prizes/literature/laureates/2006/pamuk-lecture\\_en.html](http://www.nobelprize.org/nobel_prizes/literature/laureates/2006/pamuk-lecture_en.html) (geraadpleeg op 12 April 2012).
- Patton, P.** 1995. Imaginary Cities: Images of Postmodernity. In: Watson, K. en K. Gibson (red.). *Postmodern Cities and Spaces*. Oxford: Blackwell: 112-121.
- Schoeman, Karel.** 1999. *Stamland: 'n Reis deur Nederland*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Schoeman, Karel.** 2008. *Patrisiërs & prinse: Die Europese samelewing en die stigting van 'n kolonie aan die Kaap, 1619-1715*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Schoeman, Karel.** 2009. *Handelsryk in die Ooste: Die wêreld van die VOC, 1619-1688*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Schoeman, Karel.** 2010. *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Schoeman, Karel.** 2011. *Riviereland: Twee besoeke aan Nederland*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Scholtz, L.** 2012. Die instinktiewe afkeer van "ander". *Beeld*: 21 Maart.
- Sheller, M. en J. Urry.** 2006. The New Mobilities Paradigm. *Environment and Planning A*, 38: 207-226.

- Soja, E.** 1990. *Postmodern Geographies: The Reassertion of Space in Critical Social Theory*. Londen: Verso.
- Soja, E.** 1996. *Thirdspace: Journeys to Los Angeles and Other Real-And-Imagined-Places*. Oxford: Blackwell.
- Van Coller, H. en B. Odendaal.** 2005. Die verhouding tussen Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. Deel 1: Oorwegings vir 'n beskrywende model. *Stilet*: XV11(3): 1-17.
- Van Heerden, Etienne.** 2008. *30 Nagte in Amsterdam*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, Marlene.** 1994. *Triomf*. Kaapstad: Queillerie.
- Van Niekerk, Marlene.** 2009. *Die sneeuslaper*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Van Niekerk, Marlene en Adriaan van Zyl.** 2006. *Memorandum: 'n Verhaal met skilderye*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Van Rooy, B. en W.F. van den Doel.** 2011. Dutch and Afrikaans as Post-Pluricentric Languages. *International Journal for the Sociology of Language*, 212: 1-22.
- Windey, C.** 2010. Leeuwerikspiegel. *deReactor.org: Platform voor literaire kritiek*. <http://www.dereactor.org/home/detail/leeuwerikspiegel> (geraadpleeg op 5 Julie 2011).
- Woordeboek van die Afrikaanse taal (WAT).** 1991. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Wylie, J.** 2007. *Landscape*. Londen en New York: Routledge.

## Note

1. 'n Bladsynommer sonder outeursnaam en publikasiedatum verwys telkens na Van Niekerk (2009).
2. Edward Soja (1996) gebruik die term "thirdspace" of *derderuimte* in sy boek met dieselfde titel en skryf uitgebreid daaroor. Sy uitgangspunt is veral 'n kritiek op die binêre begrippe rondom die denkbeeld van ruimtelikheid wat gesetel is in die sentrum van die geografiese diskoers. Soja plaas die *derderuimte* egter nie laaste nie, maar tussen die eerste en die tweede. Gevolglik is die belangrikste implikasie van die *derderuimte* dat binêre opposisies opgehef word – dus in plaas van óf... óf, is daar sprake van én... én. Hieruit kan afgelei word dat *derderuimte* dus 'n andersoortige wyse van dink is. 'n Denke wat inderwaarheid aansluit by relasionele ruimtelike denke waarop hierdie artikel uitbrei.
3. Jansen (1996: 213) is egter van mening dat verwysings wat buite die leser se kennis en ervaring val, nie noodwendig as 'n probleem beskou hoef te word nie, juis omdat ekstratekstuele verhoudings van 'n teks belangrik is vir betekenisgenerering. Dit kom daarop neer dat die moeite wat die leser moet doen om die agterstand te agterhaal in die literêre kommunikasieproses dikwels as positief beskou word.
4. Lefebvre (1974) se opvatting oor ruimte is steeds relevant en kan gelees word as die voorloper van die ruimtelike teoretisering van Soja. Die problematiek van die verbondenheid tussen sosiale en ruimtelike weergawes spruit uit die *tweeledige* rol van ruimte soos hy dit verstaan. Indien ruimtelikheid die uitkoms/ beliggaming én medium/ voorveronderstelling van sosiale verhoudings en sosiale strukture, en hul materiële referente is, dan moet sosiale lewe gesien word as sowel ruimtevormend as ruimtebykomstig (toevallig), 'n produsent én 'n produk van ruimtelikheid. Dit is hierdie tweerigtingverwantskap wat 'n sosio-ruimtelike dialektiek definieer.

5. Vergelyk ook Nel (2009) wat dieselfde problematiek in *30 Nagte in Amsterdam* bespreek.
6. Marlene van Niekerk word so 'n portretis (soos Marlene Dumas wie se skildery op die voorblad as parateks dien) van verwante stedelike randfigure, die “gemeenskap van gelykbestemdes”, van “nagelatenes” (39). Hoewel sommige karakters wel eiename het, word die relasies op algemeen menslike vlak linguisties beklemtoon deur die lidwoord “die”, gevolg deur die selfstandige naamwoord.
7. Hier is die ironiese semantiese inspelings relevant: ten spyte van saamwees (een) is albei dié karakters alleen in hul daaglikse doen en late.
8. Die teenoorgestelde reaksie is egter ook moontlik. Scholtz (2012) wys byvoorbeeld op die afnemende verdraagsaamheid in Europa teenoor mense wat anders lyk, anders praat en ander politieke, kulturele en geloofsideses het. Uiteindelik ervaar mense 'n gevoel van vervreemding eerder as van relasionaliteit.
9. Mahoney (1997: 168) besin ook oor die eiesoortige spanning van die postmoderne stad en skryf soos volg: “[T]he postmodern city has been conventionally theorized as a site of difference, fragmentation, conflict, and plurality.”
10. Volgens die verklarende *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (HAT) beteken *ravot* “wild stoei, wild speel; luidrugtig plesier maak.”
11. Dit val nie binne die reikwydte van hierdie artikel om die intertekstuele verwysings volledig te bespreek nie. Dit is wel relevant om kennis te neem van die volgende: die Bybelse verwysing na die varke van Gadara sinspeel op die borse; kardinaal Jacopo Stefaneschi word verbind met die Stefaneschi-altaarstuk en was ook opdraggewer vir kunstenaars; Arturo Rosenbluth was 'n Mexikaanse wetenskaplike; *Gaspard de la Nuit* dui op 'n komplekse musiekkomposisie van Ravel; Senzatto verwys na haweloses of sigeuners; *Woyzeck* is die titel van 'n onvoltooide drama van die Duitser Georg Büchner; Casimir Abraham was die graaf van Schlippenbach en bekend vir sy aktiewe liefdeslewe en pragtige basstem; die hondeman van Sinope dui op Diogenes van Sinope, filosoof en vader van die sinici.
12. Volgens die HAT dui *afgrond* op gevaar, diep, onpeilbaar in die negatiewe sin van die woord.
13. Vergelyk ook die fotograaf se belydenis in 'n ander konteks [kursivering deur Van Niekerk]: “*Ek maak die lofglas tot my wapenskild. Want wat doen ek anders as die kykers verlei met valse beelde?*” (181).
14. Volgens die simboolwoordeboek van Cirlot (1983: 26-28) is voëls in die algemeen simbole van denke, verbeelding en die vlugheid van geestelike prosesse en verhoudinge. In antieke tye is die voël vry algemeen ook gesien as simbool van die menslike gees.

## Riglyne vir outeurs:

### *Manuskrip vir T.N&A uit die volgende onderdele:*

- U naam, adres, telefoon, faks-nommer en e-po adres op 'n afsonderlike bladsy.
- 'n Uitdruk van die artikel (in drievoud).
- Genommerde illstrasies, indien benodig, met duidelike aanduiding van waar hulle in die teks geplaas moet word.

### *Aanwysings vir die artikel self:*

- Bydraes kan in Afrikaans, Nederlands, Duits of Engels geskryf word.
- Gebruik die geldende spelling van hierdie tale.
- Na die titel van die artikel volg 'n samevatting van maksimaal 150 woorde. Die samevatting behoort in Afrikaans of Nederlands te wees indien die artikel in Duits of Engels geskryf is.
- Moenie afkortings gebruik nie (skryf “onder meer”, nie “o.m.” nie).
- Laat die eerste reël van 'n paragraaf inspring, behalwe na 'n opskrif.
- Laat langer aanhalings inspring, en onderskei hulle deur middel van witreëls van die res van die teks.
- Verwys na notas met behulp van syfers in boskrif.
- Gebruik by aanhalings dubbele aanhalingstekens (“ ”) behalwe by aanhalings binne aanhalings (“ ‘ ’”).
- By aanhalings val die leesteken slegs binne die aanhalingstekens wanneer dit deel vorm van die aanhaling.
- Die publikasie waarna in die artikel verwys word, verskyn agteraan in 'n bibliografie.
- Gebruik by voorkeur die Harvard-sisteem van titelbeskrywing en verwysing.
- Verwysings in die teks word aangedui deur die name van outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakies te plaas. Byvoorbeeld: (Lijphart-Bezuidenhout 1984: 40-42).
- Titelbeskrywing in die bibliografie aan die einde van die artikel (titels in alfabetiese en kronologiese volgorde):

**Groeneboer, Kees.** 1993. *Weg tot het Westen: het Nederlands voor Indië: een taalpolitieke geschiedenis*. Leiden: kitlv Uitgeverij.

**Lijphart-Bezuidenhout, Tr.** 1984. Thomas François Burgers - *Toneelen, Tijdschrift voor Nederlands en Afrikaans*, 2 (1): 38-56.

### *Disket:*

- Lewer 'n disket in met die definitiewe teks van die artikels; dit wil sê, nadat enige kritiek verwerk is.
- Skryf die naam van die gebruikte woordverwerkingspakket op die disket. T.N&A gee voorkeur aan die Richttext (rtf) formaat. Ander formate sal sover moontlik konverteer word.
- Hou 'n oorspronklike kopie.

### *Redaksionele Beleid:*

Alle bydraes word anoniem op geskiktheid van publikasie beoordeel deur ten minste twee beoordelaars, onafhanklik van die T.N&A redaksie. Die kopiereg van artikels gepubliseer in T.N&A berus by die redaksie.

Menings wat in T.N&A uitgespreek word, hoef nie noodwendig deur die redaksie gedeel te word nie.





**Titel:**

Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.
-------	-----	-----	------	------	-----

**Voorletters en van:** .....

**Adres:** .....

..... **Kode:** .....

**Tel. (W):** ..... **(H):** ..... **(Faks):** .....

**Sel:** ..... **E-pos:** .....

**Besonderhede vir inbetaling:**

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:  
 SAVN  
 Banknaam: ABSA  
 Bankrekeningnommer: 1190 154 676  
 Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid  
 Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)  
 Verwysingnommer: U van en voorletters
- Faks, e-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,  
 Dr Nerina Bosman, by die onderstaande adres:  
 Faksnommer: 012 4202349  
 E-posadres: nerina.bosman@up.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com  
 Posadres: Departement Afrikaans, GW 15-9, Universiteit van Pretoria, 0002 Pretoria.

Gaan ook na die SAVN webwerf, [www.savn.org.za](http://www.savn.org.za), vir inligting.

Kantoorgebruik			
Lidnr.	Datum aangesluit	Kwitansienr.	Faktuurnr.

